# Die Kanon Van die Ou- en Nuwe Testament

Dr. JC Coetzee

www.christelikemedia.org

# Inhoud


**DEEL I: FORMELE EN EMPIRIESE ASPEKTE** ..... 5

**HOOFSTUK I: FORMELE ASPEKTE** ..... 5

1. DIE BEGRIP "KANON" ..... 5
2. DIE BENAMING "KANON" VIR DIE BYBEL ..... 5
3. DIE BEGRIPPE "KANONIEKE" EN "APOKRIEWE" BOEKE ..... 5
   3.1 "Kanonieke boeke" ..... 5
   3.2 "Apokriewe boeke" ..... 5
4. DEFINIËRING VAN DIE VAK ALGEMENE KANONIEK ..... 11

**HOOFSTUK 2: EMPIRIESE ASPEKTE** ..... 12

1. DIE GROOTTE VAN DIE KANON ..... 12
2. DIE SAMESTELLENDE DELE VAN DIE KANON ..... 12
   2.2 Die samestellende dele van die Ou Testament ..... 12
   2.3 Die samestellende dele van die Nuwe Testament ..... 13
3. DIE VOLGORDE VAN DIE BOEKE IN DIE KANON ..... 13
   3.1 In die Ou Testament ..... 13
   3.2 In die Nuwe Testament ..... 14

**DEEL II: HISTORIESE ASPEKTE** ..... 15

**INLEIDING: Dat die Bybel of Kanon 'n geskiedenis het** ..... 15

1. "Heilige boeke" uit die hemel ..... 15
2. Die Bybel ook in hierdie opsig die heeltemal eensoortige ..... 15
3. Die aard van die Kanongesag in die lig hiervan ..... 15

**HOOFSTUK 3: GESKIEDENIS VAN DIE ONTSTAAN VAN DIE BOEKE** ..... 16

1. DIE ONTSTAAN VAN DIE BOEKE VAN DIE OU TESTAMENT ..... 16
   1.1 'n Ondeursigtige waas ..... 16
   1.2 Die getuienis van die Ou Testament self ..... 16
2. DIE ONTSTAAN VAN DIE BOEKE VAN DIE NUWE TESTAMENT ..... 16
   2.1 Geheelbeeld ..... 16
   2.2 Die waarskynlike kronologiese volgorde ..... 17

**HOOFSTUK 4: GESKIEDENIS VAN DIE VERSAMELING (BUNDELING) VAN DIE KANON** ..... 18

1. INLEIDING ..... 18
   1.1 Die kernvraag ..... 18
   1.2 Versameling onder Gods beskikkende leiding ..... 18
   1.3 In die historiese ondersoek kan ons net die menslike werkinge naspeur ..... 18
2. DIE VERSAMELING VAN DIE OU-TESTAMENTIESE KANON ..... 18
   2.1 Sekere boeke is self reeds 'n versameling of bundel ..... 18
   2.2 Die bundeling van die Ou Testamentiese boeke tot 'n eenheid ..... 19

**HOOFSTUK 5: GESKIEDENIS VAN DIE ERKENNING VAN DIE KANON** ..... 24

1. INLEIDING ..... 24
2. DIE GESKIEDENIS VAN DIE ERKENNING VAN DIE OU-TESTAMENTIESE KANON ..... 24
   2.1 Beste metode ..... 24
   2.2 Die vaste punt: Die vroeë Christelike Kerk van die begin van die Tweede Eeu ..... 24
   2.3 Die beslissende punt vir ons: Die getuienis reeds van die Nuwe Testament ..... 24
   2.4 Erkenning reeds in voor-Nuwe Testamentiese tyd na te speur? ..... 26
   2.5 Slotsom ..... 26
3. GESKIEDENIS VAN DIE ERKENNING VAN DIE NUWE TESTAMENTIESE KANON ..... 27
   Inleidend ..... 27
   3.1 Die vaste punt: 393 en 397 n.C. ..... 27
   3.2 Getuienis uit die 4e eeu en uit die 3e eeu ..... 27
   3.3 Die Tweede Eeu ..... 28

3.4 Die Apostoliese Vaders: 90-140 n.C. 30
3.5 Gevolgtrekkinge oor die geskiedenis van die erkenning van die Nuwe-Testamentiese Kanon 31

**HOOFSTUK 6: GESKIEDENIS VAN DIE AFRONDING EN AFSLUITING VAN DIE KANON 33**

1. INLEIDING: DIE BEGRIPPE 33
2. DIE AFRONDING EN AFSLUITING VAN DIE OU TESTAMENT 33
2.1 Die afronding 33
2.2 Afsluiting van die Ou Testamentiese Kanon 37
3. DIE AFRONDING EN AFSLUITING VAN DIE NUWE TESTAMENT 38
3.1 Die afronding 38
3.2 Afsluiting 41

**DEEL III: PRINSIPIËLE ASPEKTE 42**

**HOOFSTUK 7: DIE GESAG VAN DIE BYBEL 42**

1. DIE GESAG VAN DIE BYBEL VOLGENS DIE GEREFORMEERDE BELYDENIS 42
1.1 Die Bybel is die geïnspireerde Woord van God. 42
1.2 Die Bybel het absolute en onfeilbare gesag 43
1.3 Die gerigtheid (skopus) van die Skrifgesag 43
2. DIE GESAG WAT DIE BYBEL VIR HOMSELF OPEIS 44
2.1 Dat dit die Geïnspireerde Woord van God is 44
2.2 Dat die Bybel absolute en onfeilbare gesag het 45
2.3 Oor die gerigtheid of skopus van die Skrif en van sy gesag 46

**HOOFSTUK 8: DIE FUNDERING VAN DIE GESAG VAN DIE KANON 48**

Inleidend 48
GOD AS KANON 48
1.1 God is die enigste en ware Kanon vir die ganse Skepping 48
1.3 God openbaar sy wil volkome in Jesus Christus 48
2. CHRISTUS AS KANON 49
2.1 Jesus verkondig Homself as Kanon 49
2.2 Jesus openbaar Hom in sy dade as Kanon – as die Een met Goddelike gesag en heerlikheid 49
2.3 Jesus lei sy apostels daartoe om Hom en sy woorde as Kanon te aanvaar, 49
3. DIE GESAG VAN DIE APOSTOLAAT 50
3.1 Die kernvraag oor die fundering van die gesag van die Nuwe Testament. 50
3.2 Christus handhaaf Homself as Kanon ook na kruis en hemelvaart 50
3.3 Die betekenis van die roeping van die apostelkring 50
3.4 Die betekenis van die uitsending van die apostels 50
3.5 Die betekenis van hulle toerusting 51
4. DIE NUWE-TESTAMENTIESE GESKRIFTE AS KANON 51
4.1 Die getuienis van die apostels 51
4.2 Jesus wil self ook 'n skriftelike kanon! 51
5. SLOTSOM 52

**HOOFSTUK 9: DIE ERKENNING EN OMVANG VAN DIE KANON IN DIE KERK - PRINSIPIEEL BESIEN 53**

1. DIE VRAE WAT NOU AAN DIE ORDE KOM 53
2. WIE MAAK DIE KANON TOT KANON? 53
3. IS DAAR ENIGE GELDIGE NOTAE CANONICITATIS VIR DIE 27 BOEKE VAN DIE N.T. 53
4. DIE ENIGSTE GELDIGE GROND VIR DIE ERKENNING VAN DIE KANON 54
6. SLOTSOM 55

**HOOFSTUK 10: 'N GESLOTE OF 'N OOP KANON? 56**

1. INLEIDEND 56
2. DIE REFORMATORIESE BELYDENISSTANDPUNT 56

3. SAMEVATTING VAN DIE VERNAAMSTE GRONDE VIR DIE GESLOTENHEID VAN DIE KANON ..... 57
3.1 Ten opsigte van die Ou Testament ..... 57
3.2 Ten opsigte van die Nuwe Testament ..... 57
**'N KORT LITERATUURLYS ..... 59**

# DEEL I: FORMELE EN EMPIRIESE ASPEKTE

# HOOFSTUK I: FORMELE ASPEKTE

## *1. DIE BEGRIP "KANON"*

*Afleiding:* Die woord Kanon in Afrikaans is afgelei van die Griekse woord: *kane* wat weer 'n leenwoord uit *Hebreeus qaneh* was. Die Griekse woord *kane* beteken oorspronklik: riet. Afgeleide betekenisse: 'n maatstok gemaak van riet; 'n maatstok (van enige materiaal).

*Oordragtelike betekenis:* In die manlike vorm *kanōn* kry die begrip in Grieks die oordragtelike betekenis van: maatstaf; rigsnoer reël. Byvoorbeeld Die "kanones" (reëls) van die Griekse grammatika; of: die *kanones* (maatstawwe) vir 'n sedelike lewe.

## *2. DIE BENAMING "KANON" VIR DIE BYBEL*

Onder "Kanon" verstaan ons die bundel van die boeke van die Bybel as 'n bundel van gesaghebbende geskrifte wat saam die geskrewe Woord van God uitmaak.

Die woord *"kanōn"* word nie in hierdie sin in die Skrif self gebruik nie. In II Kor. 10:13, 15, 16 en Gl. 6:16 kom dit wel voor, maar dan verwys dit nie na die Bybel nie! Op die Bybel is die woord eers in die 4e eeu n.C. van toepassing gemaak, en wel deur die kerkvader Athanasius. So onderskei hy in 367 n.C. tussen "kanonieke boeke – *kanonizomena* – en apokriewe boeke – *apokrufa* (vergelyk hfst. 4, 3.2).

*Aanvanklik* word die benaming meestal gebruik in die sin van: *die afgemete lys* van boeke wat tot die Woord van God behoort; die presiese hoeveelheid boeke wat op die "kanon" d.w.s. op die maatstok van die Bybelse boeke staan.

*Spoedig (± vanaf die 5e eeu)* kry die benaming "Kanon" egter 'n *kwalitatiewe* betekenis: "Kanon" dui die Bybelse boeke aan as: *die maatstaf van die geloof;* die Godgegewe, gesaghebbende reël vir die geloof.

*In die gereformeerde Belydenis* (vgl. N.G.B. artt. 4-6) word só van die Bybel gepraat as die Kanon, om daarmee aan te dui dat hierdie spesifieke biblioteek (= Bybel) van boeke *die heilige, Godgegewe reël en maatstaf van die ware geloof, die gesaghebbende Woord van God is.*

## *3. DIE BEGRIPPE "KANONIEKE" EN "APOKRIEWE" BOEKE*

Vergelyk hierby die Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 4, 5 en 6.

### 3.1 "Kanonieke boeke"

Die Kerke van die Hervorming erken, in navolging van die vroeë Christelike Kerk, 'n duidelike en onuitwisbare skeiding tussen "kanonieke boeke" en elke ander boek op aarde, hoe stigtelik en goed laasgenoemde ook mag wees.

Onder "kanonieke boeke" verstaan die gereformeerde Belydenis: die "heilige boeke" ("heilig" = dit wat aan God behoort) – art. 6 N.G.B.; dit is die boeke "waar niks teen gesê kan word nie" – art. 4 N.G.B.; boeke deur God gegee "om ons geloof daarna te rig ..." – art. 5 N.G.B.

### 3.2 "Apokriewe boeke"

#### 3.2.1 Die begrip "apokrief"

Die Afrikaanse woord apokrief kom van die Griekse *apokrufos* wat beteken "verborge".

Van "apokriewe boeke" is reeds sprake in die *Oosters-Griekse (hellenistiese ) misterie-godsdienste.* Daar had die benaming 'n *gunstige* betekenis: dit het daardie boeke van die misterie-gemeenskap aangedui wat na hulle oordeel so heilig was dat net ingewydes in

hul godsdiens dit mag lees – en wat dus "apokrufos", "verborge" gehou moes word vir alle buitestaanders.

Ook by die vroeë-christelike sektes het die benaming "apokriewe boeke" hierdie gunstige betekenis, om sogenaamde christelike geskrifte, wat eie is aan die betrokke sekte, mee aan te dui.

By die *vroeë Kerk.* self het die benaming "apokriewe boeke" egter 'n pertinent *ongunstige* betekenis gekry, met die konnotasie:

"hulle wat hulself as valse geskrifte verborge hou";

"hulle wat nie die lig kan verdra nie";

"hulle wat verborge moet bly";

"hulle wat in die openbare erediens nie hoort nie".

Dit is in hierdie laaste sin wat ons die woord *vandag* gebruik: *"Apokriewe boeke" dui aan: boeke wat hulleself aandien as goddelike geskrifte terwyl hulle dit nie is nie, en wat die kerk dus verwerp as boeke wat as 't ware verborge gehou moet word en nie tuishoort in die openbare erediens nie.*

### 3.2.2 Onderskeid tussen Ou Testamentiese en Nuwe Testamentiese apokriewe

#### 3.2.2.1 Die Ou-Testamentiese Apokriewe

Ons wil veral op drie sake kortliks let:

i. Hulle vorm 'n vrywel *vaste lys* van 14 boeke – vgl. die N.G.B. art 6, t.w.:

III Esra
IV Esra
Die boek van Tobias
Judit
Die Boek van die Wysheid (van Salomo)
Die Wysheid van Jesus Sirach (ook genoem Ecclesiasticus)
Baruch
Byvoegsel by die geskiedenis van Ester
Die gebed van die drie manne in die vuur
Die geskiedenis van Susanna
Bel en die Draak
Die gebed van Manasse
I Makkabeërs
II Makkabeërs

Ons sê "vrywel" omdat die volgende boeke ook wel in sekere manuskripte van die Septuaginta en/of die Vulgata voorkom:

III en IV Makkabeërs,
Die Ode ('n versameling lofliedere)
Die Brief van Jeremia (wat in die Westerse kerke altyd as hoofstuk 6 van Baruch beskou is).

Aan die ander kant is Die geskiedenis van Susanna, Die gebed van die drie manne in die vuur, en soms Bel en die Draak meermale as een boek getel onder die titel:

Byvoegsels by die boek Daniël.

ii. Oor die vraag na die *plek* van die boeke *in die Kanon* was en is daar *meningsverskil*

- by die Jode: die "Bybel" van die Palestynse Jode (die Biblia Hebraica – BH) bevat hulle nie; terwyl die Septuaginta (die Bybel van die Jode in Afrika -LXX) hulle wel insluit;
- en in die Christelike Kerke: die kerke van die Hervorming erken hulle nie; terwyl die Rooms Katolieke Kerk en die Grieks-Ortodokse Kerk hulle wel in hul Kanon

opgeneem het.

iii. Verskeie van hierdie geskrifte is heel stigtelike en *lesenswaardige literatuur* – soos art. 6 N.G.B. dit ook stel – maar is geensins van dieselfde geïnspireerde aard as die kanonieke boeke van die Ou Testament nie.

### 3.2.2.2 Nuwe-Testamentiese Apokriewe

#### 3.2.2.2.1 Kenmerke

Hoewel ons praat van Nuwe-Testamentiese Apokriewe naas die Ou-Testamentiese Apokriewe, is die posisie ten opsigte van eersgenoemde tog in drieërlei opsig geheel verskillend van die van die Apokriewe van die Ou Testament.

i. Eerstens het ons hier *geen vaste of duidelik omlynde getal* boeke nie (teenoor die Ou Testamentiese Apokriewe wat 'n vaste lys van 14 boeke is). Daar is naamlik 'n hele menigte van hierdie geskrifte wat nog steeds aangroei met nuwere opgrawings en ontdekkings.

   Die benaming Nuwe-Testamentiese Apokriewe word dan ook deur sommige geleerdes in 'n enger sin gebruik, deur andere in 'n veel wyer sin:

   *In die engere sin* (en m.i. die korrekte sin) word daaronder net verstaan die Pseudepigrafa of Valse Geskrifte. Hulle sluit in 'n groot verskeidenheid boeke uit die 2e tot ± die 5e eeu wat naas en rondom die Nuwe Testament ontstaan het hoofsaaklik in sektaries-christelike kringe. Hulle is meestal onder 'n valse naam, van 'n apostel of geëerde historiese persoon uitgegee. Hieronder tel geskrifte wat na hulle literêre vorm die hele linie van die Nuwe Testament dek:

   - ongeveer 50 "Evangelies" en verwante geskrifte;
   - 5 "Handelinge" uit die 2e en 3e eeu en 'n hele menigte latere legendes oor die lewens van die apostels;
   - ongeveer 16 "Briewe";
   - 3 Openbaring-boeke en 'n groot aantal geskrifte van verwante aard.

*In breër sin* gebruik sommige geleerdes die benaming as aanduiding van die Pseudepigrafa sowel as die geskrifte van die Apostoliese Vaders (d.i. kerklike skrywers wat jonger tydgenote van die apostels was, uit ongeveer 90-140 n.C.). Die vernaamste van laasgenoemde geskrifte is die volgende: Die briewe van Clemens Romanus; die briewe van Ignatius; die brief van Polycarpus; die brief van Barnabas; die Herder van Hermas; die Didache of die leer van die Twaalf Apostels.

Hierdie wyere gebruik van die benaming N.T. Apokriewe moet afgewys word omdat die geskrifte van die Apostoliese Vaders op 'n heel ander vlak lê as die Pseudepigrafa; deur die vroeë Kerk in hoë aansien gehou is terwyl die werklike apokriewe skerp veroordeel is; inderdaad as geskrifte van die suiwere vroeë Kerk heel stigtelike lektuur is, terwyl meeste van die Pseudepigrafa òf blote versinsels òf ketters en selfs walglik is.

ii. 'n Tweede punt van verskil met die O.T. Apokriewe is daarin geleë dat *geen Christelike Kerk* die Nuwe Testamentiese Apokriewe *as kanoniek aanvaar nie.*

   Tog moet onthou word dat baie van hierdie geskrifte nie-amptelik 'n geweldige invloed in die Rooms Katolieke Kerk – veral in die Middeleeue maar ook tot vandag – uitgeoefen het.

iii. Derdens, terwyl die O.T. Apokriewe meestal heel stigtelike lektuur is (en selfs in die Statebybel nog afgedruk was as lesenswaardige, maar nie goddelike geskrifte nie) is meeste van N.T. Apokriewe, soos reeds gesê, *blote versinsels en grootliks ketters.*

#### 3.2.2.2.2 Die oorsake vir (of oogmerke by) die ontstaan van die Nuwe-Testamentiese apokriewe

Daar was veral drie basiese oorsake vir die ontstaan, of oogmerke by die skrywe, van

die Nuwe-Testamentiese apokriewe. Ons wil hulle kortliks noem en telkens toelig met voorbeelde uit die bestaande apokriewe.

i. Die vulling van gewaande leemtes in die Nuwe Testament

Die bedoeling van die Bybelskrywers self en van hulle roeping deur God was nooit om volledige biografieë oor Jesus se aardse lewe of oor die apostels se lewens te skryf nie. Die uitsluitlike doel van die Evangelies en Handelinge is om die evangelie van Jesus Christus gesaghebbend te verkondig – alles, maar ook *net* alles wat nodig is om te glo tot saligheid. Daarom is daar baie dinge en groot dele, veral uit Jesus se kinderjare, voor Hy dus met sy amptelike messiaanse dienswerk begin het, wat nie in die Evangelies beskryf word nie. Dieselfde is die geval met die lewens van meeste apostels.

Daarteenoor wil baie van die Nuwe-Testamentiese apokriewe nou juis sulke gewaande "leemtes" in die Evangelies en Handelinge vul. Hier "vulling" van "leemtes" kry ons veral op vier fronte:

* Kinderverhale oor Jesus

Twee tipiese voorbeelde is:

- <u>Die Kindheidsverhale van Thomas</u> – einde tweede eeu

Hierdie apokrief is vroeër, verkeerdelik, die Evangelie van Thomas genoem. Dit bevat naïewe, fantastiese wonderverhale van die "Jesuskind" vanaf sy sesde jaar. In stryd met die Evangelies voer hy 'n alleswetende, wonderdoenende, vloek- en veroordelende bestaan. So verrig hy oordeelswonders teenoor almal wat hom te na kom en laat hom niks leer nie (Hennecke, 1963, 388-400; Müller, 1976, 13 e.v.).

Vergelyk veral: hf. 1; 2:1-5; 3:1-3; 4:1-2; 5:1-3; 6:1-3 en 19:1-5 (wat 'n apokriewe parallel van Lk 2:41-52 is).

- <u>Die Arabiese Kinderevangelie</u> – ongeveer 4e of 53 eeu

Hierdie *apokrief* bevat *"verhale" oor die verblyf van* Josef *en Maria met* die Jesus-kleuter in Egipte.

Weereens vind ons naïewe en fantastiese wonderverhale oor wat Jesus as kleuter in die vreemde sou gedoen het. So verhaal hoofstuk 23 die "voorgeskiedenis" van die twee rowers wat met Jesus gekruisig is – hier genoem Titus en Dumachus. Vergelyk ook hoofstukke 17 en 40 (Hennecke, 1963, 408-409).

** Verhale oor Maria

Verskeie apokriewe verteenwoordig die voorlopers van die Roomse Mariaverering. Duidelike voorbeelde hiervan is:

- <u>Die Proto-Evangelie van Jakobus</u> – ongeveer die einde van die tweede eeu

Dit is een van die oudste bronne oor Maria-legendes, en poog om die voorgeskiedenis van Maria, haar ouers se lewe en haar kinderjare te reproduseer. Ons het hier 'n duidelike vroegste tendens tot Maria-verering waarin die geboorte van Maria parallelle met die van Hanna uit die Ou Testament, Johannes die doper en Jesus self vertoon (Hennecke, 1963, 370-387; Müller, 1976, 1 e.v.).

Vergelyk o.a. 1:4-2:1; 4:1-2; 7:1-8:1; 10:1-2.

- <u>Die Arabiese Kinderevangelie</u> (vergelyk hierbo)

Hierdie 4e-5e eeuse apokrief vertoon 'n duidelike vroeg-Roomse tendens, waarvan veral hoofstuk 23 'n sprekende voorbeeld is: Maria heet "die edele of heilige dame Maria"; sy skeld sondes kwyt en Titus word op grond van sy goeie werk in Jesus se kleuterdae aan die regterhandse kruis die saligheid in die paradys met Jesus toegesê.

*** Verhale oor die apostels

Ons noem weer as twee tipiese voorbeelde: Die Handelinge van Johannes en die

Handelinge van Petrus.

In die Handelinge van Johannes, 'n apokrief uit die laat tweede eeu, word verskeie fantastiese wonderverhale aangaande die apostel Johannes opgedis, waarvan telkens gevra moet word wat die evangeliese sin daarvan sou kon wees. Kenmerkend hiervan is die naïewe verhaaltjie in hoofstukke 60-61 oor die gehoorsaamheid van die weeluise in 'n herberg aan die bevel van Johannes om hulle met rus te laat sodat hulle lekker kan slaap – met die sedelessie dat as weeluise gehoorsaam luister na die stem van 'n dienskneg van God, hoeveel te meer behoort ons te luister na die stem van God: (Hennecke, 1965, 188-258; Müller, 1976, 50-79).

In Die Handelinge van Petrus *(+_* 200 n.C.) vind ons duidelike Christen-Gnostiese trekke met veral 'n tipiese lewensontvlugting en doodsverheerliking. Hiervan is veral die verhaal van die tuinier se dogter in hoofstuk 2 'n kenmerkende voorbeeld (Hennecke, 1965, 259-322; Müller, 1976, 94-127).

**** Voorsiening van verlore geskrifte van apostels

Ons weet van meerdere geskrifte van apostels wat nie in die kanon opgeneem is nie en verlore gegaan het.

Kol. 4:16 meld van 'n brief van Paulus aan die gemeente van Laodicea. 'n Apokriewe geskrif, moontlik uit die laat tweede eeu, het onder die valse naam Die Brief aan die Laodicense verskyn, maar is niks meer as 'n amateuragtige sameflansing van los tekste uit veral Filippense en verder Galasiërs en Kolossense nie.

Ons weet dat Paulus voor I Korinthiërs 'n eerste brief, veral oor ontug, aan die gemeente van Korinthe geskryf het (vergelyk I Kor. 5:9), asook 'n derde brief (die sogenaamde Tranebrief) voor II Korinthiërs (vergelyk II Kor. 2:4). So vind ons dan 'n apokriewe III Korinthiërs.

ii. Die aangrype van die verbeelding van die heidene

Teen die agtergrond van (i) hierbo kan hieroor heel kortliks gehandel word.

Pogings om die Christelike godsdiens aanloklik te maak vir die heidense denke het sekere Christelike groepe (sektes?) daartoe verlei om die verbeelding van die tipiese heidense godsdienstige denke aan te gryp deur die skepping van fantastiese wonderverhale veral rondom die persoon van die kind Jesus.

Vergelyk vir voorbeelde die voorafgaande verwysings na Die Kindheidsverhale van Thomas en Die Arabiese Kinderevangelie.

iii. Legitimering van sektariese leerstellings

Ons vind vanaf die laat tweede eeu die produksie van 'n menigte apokriewe of meer spesifiek pseudepigrafa (geskrifte onder valse naam) wat poog om sektaries-Christelike leringe te sanksioneer (of te legitimeer) deur dit sogenaamd aan Jesus self of ten minste 'n apostel of Maria toe te dig.

Ons wil veral drie kategorieë onderskei, waarvan die eerste sekerlik die belangrikste oorsaak vir die ontstaan van menige apokrief was:

a. Legitimering van Christen-Gnostiese leringe

Met die opkoms van die sinkretistiese Christen-Gnostisisme in die tweede eeu n.C. het daar veral vanaf die tweede helfte van die eeu 'n stroom van apokriewe literatuur valslik onder die naam van 'n apostel of 'n ander persoon na aan Jesus begin verskyn. In tipiese Gnostiese gees word hierin dan sogenaamd egte woorde van Jesus of van 'n apostel, wat tot dusver geheim was, geopenbaar.

Enkele voorbeelde word kortliks bespreek:

* Die Apocryfon van Johannes (die vertaalde teks kom voor in Grant, 1961,69-85)

'n Kopie van hierdie apokrief is in 1947-48 gevind onder die nuut-ontdekte Christen-

Gnostiese biblioteek van Nag-Hammadi uit die laat tweede eeu. In die 19e en vroeë 20e eeu is die Evangelie van Johannes van histories-kritiese kant afgemaak as 'n laat-tweede-eeuse, Christen-Gnostiese geskrif wat valslik die indruk wou wek dat dit deur die apostel Johannes geskryf is. Hier het ons nou in die Apocryfon van Johannes 'n geskrif wat aan al hierdie kwalifikasies voldoen. Die verskil in geestesklimaat, denkpatrone, spraakgebruik, Godsbeskouing is hemelsbreed. Ons wys kortliks op enkele aspekte van sy leer (verwysings is na bladsye in Grant, 1961):

- Tipiese gnostiese trekke van geheimopenbaringe van Christus aan Johannes oor die geesteswêrelde of *Aione* (69-70 en volgende).
- Skerp anti-Ou-Testamentiese tendense (77, 80, 81).
- 'n Valse Godsleer met 'n verwronge "drie-eenheid" van Vader, Moeder en Seun wat so vermeng is dat die "Christusverskyning" kan sê: "Ek is die Vader , Ek is die Moeder, Ek is die Seun" (70 en 74). Hierby leer dit 'n radikale veelgodendom.
- 'n Valse skeppingsleer waarin hierdie wêreld die skepping is van die bose aardgod Jaldabaōth. Dit sluit ook die liggaam van die mens in, terwyl die menslike siel egter ingeblaas is deur die goeie Algod (74-77).
- 'n Godslasterlike sondevalleer waarin die sondeval daarin bestaan dat Jaldabaōth vir Eva tot geslagsgemeenskap met hom verlei het – waaruit twee kinders gebore is: die eerste is *Jahweh,* wat ongeregtig is, en vandag Kaïn genoem word; die tweede is *Elōhim,* wat regverdig is en vandag Abel genoem word (81-82).

** Die Evangelie van Thomas

Die apokrief stam uit dieselfde tyd en sektariese rigting as die Apocryfon van Johannes – hiervan is die eerste redelik volledige kopie ook by Nag Hammadi gevind. Dit moet deeglik onderskei word van die Kindheidsverhale van Thomas, wat voor 1947-48 verkeerdelik as Die Evangelie van Thomas bekend gestaan het. Hierdie apokrief bestaan uitsluitlik uit sogenaamde spreuke van Jesus en bevat geen verhalende stof nie (Hennecke, 1963, 278-307).

*** Die Evangelie volgens Maria

Van hierdie agtien bladsye lange apokrief uit die laat tweede eeu besit ons vandag net bladsye 7-10 en 15-17. Dit gee voor om 'n geheime gnostiese openbaring van Jesus aan sy intiemste dissipellin, Maria Magdalena te wees (Hennecke, 1963, 340-344; Grant, 1961, 65-68).

b. Legitimering van Nikolaïtiese (en Gnostiese) sekswanpraktyke

Ons het hier te doen met obskure, lasterlike literatuur, waarskynlik uit die kringe van die Nikolaïtiese sekte waarna in Op. 2:6 en 15 verwys word. Hulle was uiterste libertiniste (lewensgenieters) wat hul kwasi-godsdienste sekswanpraktyke in sekere apokriewe lasterlik deur sogenaamde dade en woorde van Jesus wou ligitimeer. 'n Skreiende voorbeeld hiervan:

<u>Die (Groot) vrae van Maria,</u> waarin die gruwelikste sekswanpraktyke verdedig word as sou Jesus met woord en daad dit aan Maria Magdalena geopenbaar het.

c. Legitimering van Maria-verering

Vanaf so vroeg as die laat tweede eeu tot in die vyfde eeu ontstaan meerdere apokriewe rondom die persoon van Maria, die moeder van Jesus. Dit weerspieël reeds in <u>die Proto-Evangelie van Jakobus</u>, uit die laat tweede eeu 'n neiging om Maria bo-menslike tot goddelike mag en eer toe te sê, soos blatant uitkom in <u>Die Arabiese Kinderevangelie</u> uit die 4e-5e eeu. Ons verwys na voorbeelde genoem onder 3.2.2.2.2(i).

## *4. DEFINIËRING VAN DIE VAK ALGEMENE KANONIEK*

Die Algemene Kanoniek is die Bybelwetenskap wat die geheel van die twee bundels van die Ou en die Nuwe Testament as die Kanon, d.w.s. as die Godgegewe Reël en Maatstaf van die geloof tot voorwerp van ondersoek het.

Die Algemene Kanoniek ondersoek waarom die ses en sestig boeke wat hulle as kanoniek aandien metterdaad kanoniek is; waarom alleen hulle kanoniek is met uitsluiting van ander geskrifte wat met soortgelyke aansprake tot ons kom; en wat die aard van hulle kanon-gesag is.

# HOOFSTUK 2: EMPIRIESE ASPEKTE

## 1. DIE GROOTTE VAN DIE KANON

1.1 Die Bybel is inderdaad nie een enkele boek nie. Dit is 'n bundel van boeke (Bybel kom van die Latynse biblia = boeke). Hierdie gebundelde boeke het aanvanklik afsonderlik ontstaan en is oor verloop van 'n lang tyd geskryf.

1.2 Daarom sou daar menslikerwys gesien wel twyfel en meningsverskil kon ontstaan oor die presiese grootte of omvang van die kanon.

1.3 Die Bybel soos dit voor ons lê, bestaan uit twee bundels: die bundel van die Ou Testament of die Ou Verbond, bestaande uit 39 boeke; en die bundel van die Nuwe Testament of Nuwe Verbond bestaande uit 27 boeke.

Totale aantal boeke van die Bybel: 66. (Van studente word vanselfsprekend verwag om die Bybelboeke in volgorde te ken.)

1.4 Die Biblia Hebraïca (dit is die Ou Testament in Hebreeus soos oorspronklik te boek gestel) bevat al die boeke soos ons dit ook ontvang het. Daarin word egter slegs 36 boeke onderskei:

I en II Samuel = Samuel I en II Konings = Konings I en II Kronieke = Kronieke

Die rabbynse Jode het egter net 24 boeke getel: Esra en Nehemia is as een boek getel, en die twaalf klein profete ook as slegs een boek. Dit was so omdat hulle die Ou Testament in 24 verskillende *boekrolle* gehad het.

1.5 Die Rooms-Katolieke Kerk en die Grieks-Ortodokse Kerk erken naas die 39 kanonieke boeke van die Ou Testament ook die 14 apokriewe boeke wat in die ou Griekse Vertaling, die Septuaginta (afgekort: LXX), naas die kanonieke boeke verskyn het. Gevolglik bevat hulle Ou Testament 53 boeke, hoewel III en IV Esra en die Gebed van Manasse vandag nie deur die Rooms-Katolieke Kerk as volledig kanoniek erken word nie. Ten opsigte van die Nuwe Testament erken alle Christelike Kerke slegs die 27 kanonieke boeke.

## 2. DIE SAMESTELLENDE DELE VAN DIE KANON

2.1 Die Bybel bestaan nie alleen uit 66 verskillende boeke nie, maar bevat ook 'n verskeidenheid *soorte* boeke. Die boeke kan volgens verskillende literêre genres ingedeel word. Trouens, deeglike onderskeiding en kennis van die literêre genre waartoe elke betrokke Bybelboek behoort, is van die grootste belang vir die suiwere interpretasie van die Woord van God.

### 2.2 Die samestellende dele van die Ou Testament

#### 2.2.1 In ons Bybel

Die Ou Testamentiese boeke soos ons hulle vind in ons Bybel is ingedeel volgens die drie 1iteratuursoorte wat breedweg in die Ou Testament onderskei kan word:

i. Historiese boeke: Genesis tot Ester

Nadere indeling: Pentateug: Genesis – Deuteronomium
Rigtertyd: Josua – Rigters – Rut
Koningstyd: I Samuel – II Kronieke
Na-ballingskapse tyd: Esra – Nehemia – Ester

ii. Digterlike boeke en Wysheidsboeke: Job – Hooglied

iii. Profetiese boeke: Jesaja – Maleagi

Nadere indeling: Vier groot profete (vyf boeke)
Jesaja – Daniël
Twaalf kleiner profete

Hosea – Maleagi

### 2.2.2 In die Rabbynse geskrifte

Die Hebreeuse Bybel van die Palestynse Jode het egter 'n ander indeling van die Bybelboeke geken.

Ook hulle het 'n driedeling van die Ou Testament, deurdat hulle onderskei:

i. *Thora* = die Wet = vyf boeke van Moses: Genesis – Deuteronomium

ii. *Nebiim* = die Profete

Nadere indeling:

Nebiim risjonim = Vroeë profete: Josua, Rigters, Samuel, Konings.

Nebiim acharonim = Latere profete: Jesaja, Jeremia, Esegiël en Die Twaalf (Hosea – Maleagi).

iii. *Chetoebim* = die Geskrifte: Psalms, Job, Spreuke, Rut, Hooglied, Prediker, Klaagliedere, Ester, Daniël, Esra (Esra en Nehemia), Kronieke.

NB Op grond van hierdie driedeling heet ons Ou Testament by die Rabbyne:

Die *Tenach*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **T** | e | **N** | a | **Ch** |
| **T**hora | | **N**ebiim | | **Ch**etoebim |

### 2.2.3 By Jesus en die apostels

In die Nuwe Testament kry ons *drie maniere* van spreek oor die Ou Testament in sy samestellende dele:

i. Soms by wyse van 'n *een-deling:* "Die Wet" as aanduiding vir die hele Ou Testament. Bv. Jh. 10:34 (Ps. 82:6); I Kor. 14:21 (Js. 28:11 e.v.).

ii. Meermale by wyse van 'n *twee-deling:* "Die Wet en die Profete" of: "Moses en die Profete". Bv. Lk. 16:29-31; Mt. 5:17; Mt. 7:12.

iii. Enkele kere by wyse van 'n *drie-deling:* ""Die Wet, die Profete en die Psalms". Hier is "die wet" gelyk aan: Pentateug; "die profete" gelyk aan: Josua – Konings en Jesaja – Maleagi; "die Psalms" gelyk aan: die Rabbynse Chetoebim. Bv. Lk. 24:44.

### 2.3 Die samestellende dele van die Nuwe Testament

Hier het ons basies 'n vierdeling volgens literêre genres:

i. Historiese boeke: Mattheus – Handelinge

Nadere indeling: Sinoptiese Evangelies: Mattheüs, Markus, Lukas; Evangelie van Johannes; Handelinge van die Apostels.

ii. Briewe: Romeine – Judas (met uitsluiting van Hebreërs en 1 Johannes)

Nadere indeling: Briewe van Paulus

Algemene Sendbriewe.

iii. Preke: Hebreërs, I Johannes.

iv. Profeties-Apokaliptiese boek: Openbaring van Johannes.

# *3. DIE VOLGORDE VAN DIE BOEKE IN DIE KANON*

## 3.1 In die Ou Testament

### 3.1.1 In ons Bybel

Die volgorde van boeke soos ons dit ken, kom van die Septuaginta(LXX), die Griekse

vertaling van die Biblia Hebraïca (BH) uit die derde eeu voor Christus.

Die Septuaginta (en dus die Afrikaanse OT) gee 'n *logiese indeling* volgens literatuursoorte: Historiese boeke (kronologies gerangskik): dan Digterlike boeke (Wysheidsboeke en liedere skynbaar ook kronologies bedoel in volgorde); en laastens Profetiese boeke (rofweg volgens lengte gerangskik, terwyl die Klaagliedere van Jeremia geplaas is by sy Profesie).

### 3.1.2 Die volgorde in die Joodse Tenach

Die volgorde in die Joodse Tenach verskil aansienlik van die in die Septuaginta.

Die Rabbyne het waarskynlik hulle rangskikking gedoen volgens die betekenis en waarde wat hulle aan die verskillende boeke toegeken het.

Voorop staan: die Thora – die Rabbyne het die boeke van Moses driemaal hoër geag as die Profete. Bewys hiervan is o.a. die gebruik in die sinagogale erediens om vir elke 7 verse van die Thora, 21 verse van die Profete te lees!

Daarna volg: die Profete – hieronder val net die profetiese boeke waarvan die skrywers geag is as amptelik geroepe profete.

Laastens kom: die Geskrifte. Dit val op dat ons hieronder historiese boeke vind, naamlik Rut, Esra, Kronieke; asook 'n profetiese boek, naamlik Daniël -omdat Daniël nie amptelik geroep was tot profeet nie.

### 3.1.3 Slotsom:

Daar is rede om aan te neem dat die Septuaginta se volgorde (d.w.s. soos ons dit ook ken) 'n ewe oue of selfs ouer tradisie verteenwoordig as die van die BH. Dit raak egter geen beginsel nie.

## 3.2 In die Nuwe Testament

Sover bekend was daar nooit in die kerkgeskiedenis enige stryd oor die volgorde van die boeke van die NT nie.

Die hoofoorweginge by die volgorde van die boeke was nie *kronologie* nie maar wel:

i. saaklik, volgens literêre genres: historiese boeke, briewe, profeties-apokaliptiese geskrif; en

ii. deels volgens lengte: in die geval van die briewe van Paulus en in geval van die Algemene Sendbriewe.

# DEEL II: HISTORIESE ASPEKTE

## INLEIDING: Dat die Bybel of Kanon 'n geskiedenis het

Die blote feit dat die Woord van God 'n geskiedenis het van sy ontstaan, bundeling, erkenning en afsluiting, is van die grootste belang, en spreek van die uniekheid van hierdie Heilige Skrif:

### *1. "Heilige boeke" uit die hemel*

Daar is 'n sterk neiging by valse godsdienste om aan hulle "heilige boeke" 'n hemelse oorsprong toe te ken. Vergelyk byvoorbeeld die "heilige Qur'an" van die Moslems: Die oer-eksemplaar was sogenaamd in die hemel by Allah. Allah stuur dan telkens fragmente daarvan na sy profeet Mohammed op aarde deur die engel Djibril (= Gabriël). Vergelyk ook die Boek van Mormon van die Mormoonse sekte: God sou self sy "ewige evangelie" op goue plate geskryf het en dit op 'n berg in die staat New York begrawe het, waar Joseph Smith, die stigter van die beweging, dit na 'n goddelike openbaring ontdek het en met 'n spesiale soort bril ontsyfer het.

### *2. Die Bybel ook in hierdie opsig die heeltemal eensoortige*

Met die Woord van God is dit egter anders gesteld: Juis die een Boek wat waarlik nie van hierdie wêreld is nie, val nie klaar uit die hemel nie. Dwarsdeur die Skrif word getuig hoedat God Hom in die loop van die geskiedenis oor baie eeue heen openbaar. Die Godsopenbaring self het dus 'n lang geskiedenis. Maar so ook die teboekstelling van die Godsopenbaring: dit geskied oor 'n lang tydperk, +1400 jaar, deur bemiddeling van *mense.*

Daarom kan daar selfs wetenskaplik nagevors word na die geskiedenis van die teboekstelling en die versameling van die Bybelboeke, en ook na die geskiedenis van die erkenning van die Kaonongesag van die Bybel, en na die geskiedenis van hoe die Kerk daartoe gekom het om die Kanon as die afgeslote geheel van die God se Woord te aanvaar.

### *3. Die aard van die Kanongesag in die lig hiervan*

Die blote feit dat daar 'n *geskiedenis* van die Kanonvorming is, sê al soveel oor sy eieaard:

Gód openbaar Hom. Hý lê die maatstaf en reël neer vir die mense. Maar Hy gebruik daarvoor mense; mense oor verloop van baie eeue; mense met verskillende geaardhede, uit verskillende tye, met verskillende agtergronde, met verskillende vermoëns, met verskillende literêre style.

Die blote feit dus van 'n geskiedenis van die Kanonvorming sê vir ons: hier is die *Unieke* Boek – volkome van God en tegelyk volkome deur mense geskryf.

Nooit mag die volkome Goddelikheid en die geheel-menslikheid van die Heilige Skrif teen mekaar afgespeel word, sonder dat daarmee die Godgegewe wese van die Kanon aangetas sou raak nie!

# HOOFSTUK 3: GESKIEDENIS VAN DIE ONTSTAAN VAN DIE BOEKE

## *1. DIE ONTSTAAN VAN DIE BOEKE VAN DIE OU TESTAMENT*

### 1.1 'n Ondeursigtige waas

Oor die ontstaan van die meeste boeke van die Ou Testament hang daar 'n ondeursigtige waas. Opvallend is dan ook die skerp meningsverskil in geleerde kringe as dit gaan oor die tyd van ontstaan van die boeke van die Ou Testament.

Die *oudste boeke* is volgens die Joodse en Christelike tradisie die boeke van die Pentateug, deels geskryf deur Moses self en later waarskynlik deur ander geïnspireerde skrywers aangevul, sodat die oudste dele dateerbaar is ±1250-1100 v.C. Van die kant van die radikale kritiek word groot dele van die Pentateug, byvoorbeeld die hele boek Deuteronomium gedateer in die na-ballingskapse tyd, d.w.s. ±500-400 v.C. Hulle gee wel toe dat daar ouer skriftelike gedeeltes in die Pentateug is, bv. die lofsang van Debora wat hulle in ±1200 v.C. dateer.

Die Radikale Kritiek van die 19e eeu het gespot met die idee van Moses se outeurskap van die Pentateug. Selfs nadat erken moes word – teen hul vroeëre oortuiging – dat die skryfkuns in daardie tyd wel reeds wyd bekend was, kon hulle nie aanvaar dat 'n eenvoudige Israeliet soos Moses so geleerd kon wees nie. Vandag erken 'n geleerde uit die suiwer kritiese skool soos John Bright: "To deny that role to Moses would force us to posit another person of the same name " (A history of Israel, bl. 116).

Die *jongste boeke* van die Ou Testament word tradisioneel beskou as o.a. Daniël, ±500 v.C.; Ester, ±450-400 v.C.; Maleagi, ±400 v.C. Die radikale Kritiek daarenteen dateer as jongste geskrifte, Daniël, ±160 v.C. en dele van Sagaria ±140 v.C.

### 1.2 Die getuienis van die Ou Testament self

Die oudste getuienisse uit die Skrif self oor teboekstelling van Skrifgedeeltes, stam uit die woestyntyd van Israel en bevestig dus die tradisionele standpunt dat die Pentateug of dele daarvan in ±1250-1100 ontstaan het.

Die oudste teboekstelling waarvan ons in die Skrif lees, vind ons in Eks.17:14: Na die slag teen Amalek op die woestynreis gee God opdrag: "Skrywe dit as 'n aandenking in 'n boek..." Die volgende verwysing vind ons in: Eks. 24:4-8 by Sinai: "En Moses het al die woorde van die Here opgeskrywe (vs. 4) ... En hy het die boek van die verbond (d.i. Eks. 19-23) geneem en dit voor die ore van die volk gelees"; en in Eks. 24:12 – God skryf self die Tien Gebooie op die kliptafels.

- Dit beteken natuurlik nie dat die Pentateug in sy bestaande vorm nie terug kon gaan op veel ouer skriftelike getuienisse nie. Volgens huidige kennis was skryfkuns reeds in die tyd 5000 – 4000 v.C. bekend, en is dit dus selfs waarskynlik dat skriftelike getuienisse uit die tyd van die aardvaders en veel vroeër kon bestaan het.

## *2. DIE ONTSTAAN VAN DIE BOEKE VAN DIE NUWE TESTAMENT*

### 2.1 Geheelbeeld

Hier kan die lyne baie duideliker getrek word as by die Ou Testament: Al die boeke van die Nuwe Testament is binne 'n tydperk van hoogstens 50 jaar geskryf, binne die jare 45 tot 95 n.C.

Binne die bestek van hierdie 50 jaar kan meeste boeke binne 'n dekade met sekerheid gedateer word. Die grootste gedeelte, t.w. die Briewe van Paulus, kan afsonderlik binne een tot vyf jaar presies gedateer word.

Die onsekerste datering geld die Evangelies en Handelinge.

## 2.2 Die waarskynlike kronologiese volgorde

Die onderstaande kronologiese volgorde verskil op verskeie punte van die gebruiklike orde van die Nuwe-Testamentiese boeke. Ons maak eers 'n globaal-indeling van die hoofgroepe van die Nuwe-Testamentiese teboekstellinge:

i. Paulus – ± 20-30 jaar na Christusgebeure (✦)
ii. Sinoptiese Evangelies en Handelinge – ±25-35 jaar na Christusgebeure(☐)
iii. Algemene Sendbriewe – ±30-40 jaar na Christusgebeure (✹)
iv. Johannes-geskrifte – ±50-60 jaar na Christusgebeure (⇧)

Vervolgens gee ons 'n oorsig oor die waarskynlike ontstaanskronologie van die Nuwe-Testamentiese boeke.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ✹ | 1 | Jakobus | 45-50 n.C. | |
| ✦ | 2 | Galasiërs | 49 (of 54) | 2e Sendingreis |
| ✦ | 3 | I Thessalonisense | 50-51 | |
| ✦ | 4 | II Thessalonisense | 50-51 | |
| ✦ | 5 | I Korinthiërs | 54 | 3e Sendingreis |
| ✦ | 6 | II Korinthiërs | 55 | |
| ✦ | 7 | Romeine | 56-57 | |
| ☐ | 8 | Markus | laat 50-erjare | |
| ✦ | 9 | Philemon | 60 | |
| ✦ | 10 | Kolossense | 60 | |
| ✦ | 11 | Efesiërs | 60 (of 54) | Gevangeskap in Rome |
| ✦ | 12 | Filippense | 61 | |
| ☐ | 13 | Lukas | ± 60-62 | |
| ☐ | 14 | Handelinge | ± 61-62 | |
| ✦ | 15 | I Timotheüs | 62 | Tussen 1e en 2e |
| ✦ | 16 | Titus | 62 | Gevangeskap in Rome |
| ✦ | 17 | II Timotheüs | 63-64 | Tydens laaste Gevangeskap in Rome |
| ✹ | 18 | I Petrus | ±63 | |
| ✹ | 19 | II Petrus | ±64 | |
| ☐ | 20 | Mattheüs | ±60-69 | |
| ✹ | 21 | Hebreërs | ±60-69 | |
| ✹ | 22 | Judas | ±60-69 | |
| ⇧ | 23 | Evangelie van Johannes | 85-95 | |
| ⇧ | 24 | I Johannes | 85-95 | |
| ⇧ | 25 | II Johannes | 85-95 | |
| ⇧ | 26 | III Johannes | 85-95 | |
| ⇧ | 27 | Openbaring | 85-95 | |

# HOOFSTUK 4: GESKIEDENIS VAN DIE VERSAMELING (BUNDELING) VAN DIE KANON

## *1. INLEIDING*

### 1.1 Die kernvraag

Die kernvraag hier is wanneer en hoe het Israel (ten opsigte van die Ou Testament) en die Kerk (ten opsigte van die Nuwe Testament) daartoe gekom om die Bybelboeke, wat nie alleen afsonderlik en op verskillende tye en plekke geskryf is nie, maar wat ook nog vanweë paleografiese redes lank in afsonderlike eenhede (meestal boekrolle) moes bly voortbestaan, te herken as boeke wat bymekaar hoort en as een biblioteek of versameling van Heilige Geskrifte bewaar moet word?

### 1.2 Versameling onder Gods beskikkende leiding

Ons *glo* dat God as die eintlike outeur van die Heilige Skrif in sy ewige raad ook besluit het *hoe* sy Woord tot die mense sou kom. Daarom weet ons ook deur die geloof dat nie alleen die teboekstelling nie, maar ook die historiese proses van die versameling van die boeke tot die Kanon van die Ou Testament en tot die Kanon van die Nuwe Testament deur God gelei is sodat die versamelinge uiteindelik aan Gods doel en plan beantwoord het.

Agter alle menslike aktiwiteit van versameling van die boeke van die Kanon staan God self met die leiding van sy Heilige Gees.

### 1.3 In die historiese ondersoek kan ons net die menslike werkinge naspeur

In die historiese ondersoek na die proses van versameling van die Kanon kan ons as menslike navorsers nie die werk van God blootlê of bewys nie. Dit is en bly 'n saak van geloof, gewerk deur die Heilige Gees by die lese van die Woord (vgl. Deel III, hoofstuk 9).

In ons wetenskaplik-historiese ondersoek kan ons slegs die menslike aktiwiteit van versameling en bundeling naspeur.

## *2. DIE VERSAMELING VAN DIE OU-TESTAMENTIESE KANON*

### 2.1 Sekere boeke is self reeds 'n versameling of bundel

Die Ou Testament was nie alleen aanvanklik geskryf as 'n aantal los boeke wat mettertyd versamel moes word nie, maar wat ons het as *een* boek binne die Ou — Testamentiese bundel, is soms reeds al 'n versameling van kleiner en vroeër losse eenhede.

Enkele voorbeelde:

#### i. Die Pentateug

Dit is heelwaarskynlik dat agter die boeke van die Pentateug 'n groot verskeidenheid van ouer mondelinge en/of skriftelike getuienisse lê. Hiervan lewer onder andere Eksodus inderdaad self getuienis want ons lees van ten minste drie gedeeltes van hierdie boek wat vroeër afsonderlik bestaan het: Die verhaal van die slag teen Amalek (Eks. 17); die Tien Gebooie as geskrif van Gods hand (Eks. 20); die Verbondsboek (Eks. 19-23).

#### ii. Die boek van die Psalms

Ons het hier basies ±150 los eenhede wat afsonderlik ontstaan het en eers later gebundel is.

Meer nog: ons vind in die Psalmboek soos dit voor ons lê, nog spore van vyf verskillende

eenhede wat waarskynlik 'n vroeër stadium van bundeling verteenwoordig het; t.w.

| | |
|---|---|
| Psalms 1-41 | Die opvallende is dat elkeen van hierdie groepe psalms |
| Psalms 42-72 | eindig met 'n byna identiese lofsegging: "Geloofd sy |
| Psalms 73-89 | die Here, die God van Israel, van ewigheid tot in ewigheid. |
| Psalms 90-106 | Amen, ja amen" (en variante). |
| Psalms 107-150 | |

Ook kleiner bundeltjies binne bogenoemde vyf is nog onderskeibaar, bv. die bedevaartsliedere, Psalms 120-134; die "Hallel"-psalms, 146-150; die Asaf-psalms, 73-83.

**iii. Spreuke**

Hoewel die boek bekend staan as die Spreuke van Salomo is dit uitdruklik volgens eie inwendige getuienis nie 'n eenheid net uit die pen van Salomo nie.

Ten minste ses "bundels" van spreuke word nog duidelik onderskei:

a. lê Versameling van Salomo – hff 1-9; gekenmerk deur afwisseling van gesprekke met "my seun" en liedere op "die Wysheid" wat gepersonifiseer word."

b. 2e Versameling van Salomo – hff 10:1-22:16. Vergelyk 10:1: "Die spreuke van Salomo". 'n Versameling van los, pittige spreuke.

c. Spreuke van "die wyse manne" – hff 22:17-24 einde.

d. 3e Versameling van Salomo – hff 25-29. N.B. Vergelyk 25:1:"Dit is ook spreuke van Salomo, wat die manne van Hiskia, die koning van Juda versamel het."

e. Spreuke van Agur – hf 30: Veral pragtig vanweë beeldspraak uit die dierelewe (vgl. veral verse 18-19; 24-28; 29-31).

f. Spreuke van die moeder van koning Lemuel – hf. 31: Advies oor die koningskap, en 'n lied op die deugsame vrou.

## 2.2 Die bundeling van die Ou Testamentiese boeke tot 'n eenheid

### 2.2.1 Slegs enkele flitse in die Ou Testament self

***Die Pentateug***

*Moses* het die wette van God ontvang met die opdrag nie net om dit neer te skryf nie maar ook om dit te versamel en te laat bewaar as versamelde Woord van God, wat ook gereeld aan die volk voorgelees moes word – vergelyk byvoorbeeld Eks. 24:4 en 7.

Kort voor sy dood, verrig Moses volgens Dt. 31, in opdrag van die Here 'n taak wat klaarblyklik neerkom op die versameling van die reeds geopenbaarde Kanon en die uitbouing daarvan met nuwe openbaringe – vergelyk Dt. 31:14, 19, 20, 24-26.

Dit word bevestig in Josua 1:7-8 waar daar reeds sprake is van "die hele wet van Moses" as 'n eenheid wat Josua moet bewaar.

***Josua***

Volgens Josua 24:26 vul Josua die Pentateug aan met die openbaringsgeskiedenis vanaf die intog in Kanaän tot net voor sy dood. Waarskynlik het hy na die dood van Moses die Pentateug aangevul en kan dit in die lig van bg. teks waarskynlik geag word dat hy verantwoordelik was vir die bundeling van die Pentateug plus Josua (bekend as die Hexateug). Ook dit was waarskynlik nog nie in die finale vorm soos ons dit nou het nie. Latere geïnspireerde skrywers het waarskynlik die finale afronding gedoen (vgl. bv. Josua 4:9, 7:26; 8:28).

Met 'n redelike mate van sekerheid kan dus aangeneem word dat die Ou Testament tot en met die boek Josua reeds 'n groot mate van vastigheid as versameling gevind het teen ±1100 v.C.

Van die versameling van die ander historiese boeke van die Ou Testament (by die Jode die Vroeëre Profete) weet ons egter bykans niks.

***Die profete***

Die vroeëre profete (Josua-II Konings) – vergelyk hierbo.

Die latere profete:
Die profete moes meestal self op bevel van die Here hulle gesproke woorde saam bundel in profetiese boeke.

Vergelyk bv.:

Jr. 30:2: "Skryf vir jou in 'n boek al die woorde wat Ek met jou gespreek het": Verder Jr. 36:2-4 en 36:28.

Reeds in die profetiese tyd, 800-350 v.C. moes daar ook al versamelinge van bestaande profetiese geskrifte bestaan het: bewys hiervan is die feit dat een profeet reeds gebruik kan maak van die werke van ander profete, bv. waar Obadja verse 1-9 ondubbelsinnig terugslaan op Jr. 49:1-15. En sterker nog: in Daniël 9:2 word verwys na die profesieë van Jeremia waarvan gelees kan word in "die boeke" – duidelik verwysend na 'n bundel profetiese geskrifte.

***Die Geskrifte (Digterlike boeke)***

Die Ou Testament sê niks oor hulle versameling tot 'n bundel nie. (Oor die versameling van onderdele tot boeke vergelyk punt 2.1 hierbo.)

### 2.2.2 Buite-bybelse gegewens

*Getuienis van die apokriewe boek, IV Esra 14.*

Hierdie geskrif stam uit ±100 n.C.

Ons vind daarin 'n fantastiese verhaal hoe Esra die Tenach, nadat dit in ballingskap vernietig is, opnuut te boek sou gestel het: Esra ontvang 'n openbaring dat hy spoedig in die hemel opgeneem sou word. Aangesien die Tora egter verbrand is, vra Esra tyd en die verligting om Gods Woord opnuut te boek te stel. Dit word toegestaan en Esra moet hom veertig dae lank met vyf skrywers afsonder. Nadat hy 'n beker met vloeisel "soos vuur" van God sou ontvang en gedrink het, spreek hy die hele openbaring van God terwyl die vyf skrywers veertig dae daaraan skryf. So word 94 boeke voltooi maar 70 daarvan mag Esra nie openbaar maak nie -hulle is net vir die "wyses" bedoel ('n tipies Gnostiese trek uit die 2e eeu n.C.!). Die ander 24 (vergelyk die getal boeke van die Joodse Tenach!) moet openbaar gemaak word.

*Die getuienis van II Makkabeërs 2:13-14*

Hier lees ons hoedat Nehemia meegewerk het aan die versameling van die Ou-Testamentiese Kanon. Volgens vs. 13 sou Nehemia 'n biblioteek gestig het waarin hy naas sy eie geskrifte "byeenversamel het die (boeke van die) handelinge die Konings, en die Profete, en van Dawid ..." Vers 14 meld van 'n verdere versamelwerk deur Judas Makkabeüs (±160 v.C.) nadat die boeke in die Makkabeër-oorlog verlore geraak het.

*Waardering*

IV Esra se getuienis is geheel en al verwerplik. Die een waarheidselement wat in die twee berigte geleë skyn te wees, is die getuienis dat Esra en Nehemia na die verwarde tye na die ballingskap orde help skep het en as "skrifgeleerdes" boeke van voor en tydens die ballingskap (weer) versamel het.

2.2.3 Die getuienis van die Nuwe Testament

Die Nuwe Testamentiese getuienis is ook op hierdie punt beslissend:

i. Jesus ken 'n versameling van Ou-Testamentiese boeke: Jesus c.s. spreek herhaaldelik van die boeke van die Ou Testament as 'n eenheid, en wel onder die volgende name:

"Die Wet" – Jh. 10:34;

"Die Wet en die Profete" – Mt. 5:17

"Die Wet, Profete en die Psalms" – Lk. 24:44

"Die Skrifte" – Lk. 24:27

"Al die Skrifte" – Lk. 24:27 "Die Skrif" – Jh. 7:38.

Hieruit is dit duidelik dat Jesus kennis dra van 'n bundeling van die Ou Testament as 'n geheel.

ii. Getuienis dat die bundeling reeds sy vaste vorm aangeneem het: Daar is 'n besonder interessante Skrifverwysing van die Here Jesus wat mooi illustreer dat die bundel van Ou-Testamentiese boeke in sy tyd reeds sy vaste vorm aangeneem het soos ons dit in die Biblia Hebraica vind, te wete die Skrifverwysing van Mt. 23:35 en Lk. 11:51. Hier is sprake van:

*Vanaf die moord op Abel tot die moord op die profeet Sagaria, die seun van* Beregja; d.w.s. *vanaf* die eerste moord *tot* die laaste moord in die Joodse Kanon. Hierdie uitdrukking van Jesus ten opsigte van die Tenach is ekwivalent aan ons uitdrukking "Vanaf Genesis tot Openbaring" as aanduiding vir ons hele Kanon!

2.3 Die versameling van die Nuwe-Testamentiese boeke tot 'n eenheid naas en bykomend by die Ou Testament

2.3.1 Die getuienis van die Nuwe Testament self

* Die briewe van Paulus van meer as net plaaslike of tydelike belang

In Kol. 4:16 gee Paulus die volgende opdrag: "En wanneer hierdie brief by julle gelees is, sorg dat dit ook in die gemeente van die Laodicense gelees word en dat hulle ook die uit Laodicea lees."

Hier is waarskynlik die eerste aanduiding in die Nuwe Testament dat, byvoorbeeld, die briewe van Paulus nie net bedoel was vir een gemeente van een tyd nie, maar dat sy briewe vir al die gemeentes van belang is. Daarom kom die opdrag aan die gemeente van Kolosse om ook van sy ander briewe te *versamel* vir voorlesing.

* Die idee van 'n Nuwe-Testamentiese bundel naas die *Ou* Testament

Ef. 2:20 verklaar: Die Kerk van Christus is "gebou op die fondament van die apostels en profete ..."

Hier is sprake van die grondleggende en blywende betekenis van die apostels se woorde, naas die profete (waarskynlik die Ou Testament!) se woorde.

Duideliker nog is II Pt. 3:1-2: "Dit is reeds die tweede brief, geliefdes, wat ek aan hulle skrywe. In albei wil ek deur herinnering julle suiwere gesindheid opwek, sodat julle die woorde kan onthou wat deur die heilige profete tevore gespreek is, en die gebod van ons, apostels van die Here en Verlosser."

In albei hierdie gedeeltes kom die idee van 'n groep geskrifte naas die profetiese geskrifte van die Ou Testament reeds in die gesigsveld.

* Die eerste pertinente verwysing na 'n bundeling van sekere Nuwe-Testamentiese boeke

Vir die eerste spore van 'n werklike samestelling van 'n eie bundel van Nuwe Testamentiese geskrifte hoef ons nie eers in die Christelike lektuur van die na-Nuwe-Testamentiese era te gaan soek nie.

Ons vind dit reeds in die Nuwe Testament self!

Die *kernverse* hiervoor is *II Pt. 2:15-16.*

"... soos ons geliefde broeder Paulus ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan

hulle geskryf het, net soos in al die Briewe. Hy spreek daarin oor hierdie dinge ..."

Hier het ons deur die apostel *Petrus* 'n duidelike verwysing na "al die briewe" van Paulus – *'n bundeltjie dus van Pauliniese briewe teen +64-70 n.C.'*

### 2.3.2 Die getuienis van die Apostoliese Vaders, 90-140 n.C.

*Wie hulle was*

Onder Apostoliese Vaders verstaan ons die kerklike skrywers wat nog jonger tydgenote van die apostels self was. Die belangrikste was o.a. Clemens Romanus, Ignatius van Antiochië, die skrywer van die Barnabasbrief, Papias en Polycarpus. Hulle is manne wat geleef en geskryf het vanaf die tyd van die laaste apostels tot ±140 n.C.

*Die lig wat hulle werp*

Ons vind in hul geskrifte duidelike tekens dat hulle veral die Sinoptiese Evangelies en briewe van Paulus geken het.

Clemens Romanus kom die naaste aan 'n verwysing na 'n versameling van Nuwe Testamentiese geskrifte waar hy in II Clemens 14:2 (as die preek wel van hom is) praat van: "Die Skrif (Ou Testament?) sê immers ... Bowendien sê die boeke en die apostels..."

Hier kry mens sterk die indruk dat Clemens reeds onderskei tussen die Ou Testamentiese (= "die Skrif") bundel en 'n Nuwe-Testamentiese bundeling wat hy nog met die algemene benaming "die boeke en die apostels" aandui – waarmee hy waarskynlik die Evangelies en die Briewe aandui.

### 2.3.3 Die Kanon van Marcion, ±150 n.C.

Marcion, die bekende Christelik-gnostiese ketter, tree op in Rome in die jare 140 tot die einde van die tweede eeu.

In ±150 n.C. stel hy sy eie lys (kanon) van Christelike Skriftuur op, met verwerping van heelwat kanonieke boeke (hieroor sal ons later meer te sê hê in verband met die erkenning van die Kanon).

Die betekenis van Marion word dikwels oordryf – veral van Skrifkritiese kant – asof hy eintlik die eerste sou gewees het om 'n versameling van die Nuwe-Testamentiese boeke te maak, en asof hy so eintlik die idee van die Nuwe-Testamentiese Kanon geskep het. Daarvoor is daar geen bewys nie.

Inteendeel, sy optrede nadat hy in ±141 afgesny is van die Kerk weens sy kettery, bewys veeleer dat sy versameling van net sekere Nuwe-Testamentiese boeke wat na sy oordeel nie bots met sy eie leerstellinge nie, 'n reaksie en versetdaad was teen die bestaande kerklike versameling van Nuwe-Testamentiese boeke.

### 2.3.4 Die Canon Muratori, ±200 n.C.

*Die laaste datum*

Die jaar 200 n.C. moet ongetwyfeld gestel word as die terminus ad quem (d.w.s. die laaste datum) vir die bundeling van die Nuwe-Testamentiese boeke as 'n eenheid naas en by die Ou Testament! Hiervoor dien die sg. Canon Muratori as afdoende bewys.

*Wat dit is*

In die jaar 1740 het 'n Italianer genaamd Muratori in die Bibliotheca Ambrosiana in Italië 'n ou manuskrip, 'n palimpsest, gevind waarop 'n lys van erkende Nuwe -Testamentiese boeke voorkom. Hierdie lys of kanon is opgestel in ±200 n.C. waarskynlik deur die kerkvader Hippolytus, en dit bevat die meeste van die boeke van ons Nuwe Testament.

### 2.3.5 Slotsom

Die Canon Muratori bevestig die bestaan van definitiewe versamelinge van Nuwe -

Testamentiese Skrifte teen die einde van die Tweede Eeu – 'n proses wat blykens II Pt. 3:15-16 reeds teen ±64-70 n.C. begin het. Na 200 n.C. sou daar wel nog meningsverskil bestaan oor die kanonisiteit van enkele boeke, dus oor die presiese omvang van die Kanon, maar daar was geen twyfel meer *dat* daar 'n Nuwe-Testamentiese Kanon bestaan naas en aanvullend by die Ou Testament nie.

# HOOFSTUK 5: GESKIEDENIS VAN DIE ERKENNING VAN DIE KANON

## *1. INLEIDING*

Wanneer ons by die *prinsipiële* besinning oor die Kanon van die Ou en Nuwe Testament kom, sal die redelik moeilike vraag aandag kry of, en in hoeverre, die Kanon gesien mag word as 'n skepping van die Kerk: het die Kerk die Kanon gemaak? Het die Kerk aan hierdie Geskrifte gesag verleen? Die titel van die werk van H. Lietzmann, 1907, is tiperend van die histories-kritiese benadering tot die kanonerkenning. Dit heet naamlik: *Wie wurden die Bücher des Neuen Testaments heilige Schrift?* Of is die Kanon 'n skepping van God waaraan Hý die gesag verleen het, sodat die Kerk hierdie Boeke slegs ontvang het; hulle herken en erken het vir wat hulle in sigself was: die Godgegewe Kanon of Reël vir die geloof?

Hier wil ons nou die vraagstuk van die erkenning van die Kanon in die Kerk slegs *histories* besien: was daar 'n ontwikkelingsproses in die Kerk ten opsigte van die besef dat hierdie boeke gesag van God het? Kan ons vandag nog vasstel in hoeverre en van wanneer af die Goddelike gesag van die Skrif, Ou en Nuwe Testament, erken en bely is; by die Jode ten opsigte van die Ou Testament, en by die vroeë Christelike Kerk ten opsigte van die Ou en Nuwe Testament?

## *2. DIE GESKIEDENIS VAN DIE ERKENNING VAN DIE OU-TESTAMENTIESE KANON*

### 2.1 Beste metode

By hierdie moeilike vraagstuk is dit waarskynlik die profytlikste om as uitgangspunt te neem die stadium waarop die erkenning onteenseglik 'n feit was, en om dan daarvandaan sover as moontlik terug te werk in die geskiedenis, om te probeer vasstel hoe ver die spore van erkenning van die Kanon teruggevoer kan word.

### 2.2 Die vaste punt: Die vroeë Christelike Kerk van die begin van die Tweede Eeu

Deur die Apostoliese Vaders (90-140 n.C.) word die Goddelike oorsprong en gesag van die Ou Testament sonder die minste twyfel erken.

Die beste bewys hiervoor is die optrede van die Kerk teenoor die ketter Marcion: Toe Marcion binne die Kerk vanuit sy Gnostiese dwaalleringe ook die gesag van die Ou Testament verwerp het, is hy in 141 n.C. summier afgesny van die Kerk en verketter.

Ons verwys ook na die getuienis van Clemens Romanus (±96 n.C.) in sy eerste brief, I Clemens 45:2, waar hy hom soos volg uitlaat oor die Ou Testament: "U het u tog verdiep in die Heilige Skrifte, die waaragtige (Skrifte) wat van die Heilige Gees uitgevloei het."

Daar was dus inderdaad in die vroeë Kerk van die 2e eeu n.C. nooit enige twyfel oor die Goddelike gesag van die Ou Testament nie.

### 2.3 Die beslissende punt vir ons: Die getuienis reeds van die Nuwe Testament

Wanneer ons agter die getuienis van die Apostoliese Vaders teruggaan, kom ons by die nuwe Testament te staan. Wat leer Jesus en die apostels aangaande die gesagser-kenning van die Ou Testament?

(i) Verwerp Jesus dan nie "die oorlewering van die ou mense" nie?

Van kritiese kant is meermale die argument gelug dat Jesus in sy negatiewe uitsprake

oor die "oorlewering van die ou mense" eintlik die gesag van die Ou Testament, in elk geval op sekere punte, verwerp het. Belangrikste Skrifplaatse: *Mt. 5:21-22; 5:27-28; 12:1 e.v.v.; 19:7-9.*

Jesus stel Hom hierin egter nie teenoor die Ou Testamentiese Woord self nie, maar teenoor die wettiese, uitwendige interpretasie daarvan deur die Skrifgeleerdes. Jesus wil juis die diepere sin en volle krag van die Ou Testament handhaaf. Dit blyk tog uit o.a. *Mt. 5:27-28.* En dit word onomwonde deur Jesus gestel in *Mt. 15:1-9!* Maar wat van Paulus se negatiewe uitsprake oor "Die Wet" (bv. Rm. 7:4, 6)? Vergelyk egter die onmiddellik volgende Rm. 7: 7 en 12 asook Gl. 5:4.

(ii) "Daar staan geskrywe" – gesaghebbend

Jesus en die Nuwe-Testamentiese skrywers beroep hulle gedurig op die Ou Testament as beslissend en as reël vir leer en lewe – dus as kanon, as maatstaf en reël. Hierdie beroep op die Ou Testament geskied meestal met die besondere formule: "Daar staan geskrywe", in Grieks: gegrammenon (perfekte tyd van die werkwoord grapho, skryf), wat die krag het van: dit is geskrywe en die gevolge duur steeds voort; dit staan vas en blywend geskrywe. Vgl. by die versoekinge in die woestyn, Mt. 4:4, 7, 10!

Hiermee druk die Nuwe Testament onteenseglik die gesaghebbendheid van die Ou Testament as reël en rigsnoer vir die lewe uit.

(iii) "Sodat die Skrif vervul sou word" – betroubaar

Gedurigdeur in sy lewe sê Jesus, en die Nuwe-Testamentiese skrywers, dat dit wat met Hom gebeur, inderdaad *moet* gebeur sodat vervul sal word wat die Skrif (die Ou Testament) sê. Vergelyk o.a. Mt. 1:22; 8:17; 13:14; 26:54. Veral die laasgenoemde teks stel dit baie pertinent: die Skrif *moet* vervul word; dit is onvermydelik! Wat daarin geprofeteer is, gebeur sonder uitsondering.

Hiermee word die absolute *betroubaarheid* van die Ou Testament uitgedruk.

(iv) Onverbreekbaar; ewig-geldend

Die woorde van Jesus, die Nuwe Testament dan, wil nie die Ou Testament vervang nie, maar "vervul" dit. "Vervul" beteken "tot volheid bring", "aan iets volle sin en betekenis gee".

Mt. 5:17: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul." Die 1979-vertaling lui: "... Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry." Daarom is en bly die Ou Testament ook *onverbreekbaar:* "Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie" (Mt. 5:18). Vergelyk ook Jh. 10:35 en Lk.16:17.

(v) "Die Here (of God) sê" – Gods Woord

Verskeie kere word iets wat in die Ou Testament nie *direk* deur God gesê is nie, tog in die Nuwe Testament aangehaal met die woorde "Die Here sê" of "God sê".

Bv. Mt. 1:22: Die *Here* spreek deur sy profeet (Jes. 7:14); Hd. 1:16: Die Heilige Gees voorspel deur die mond van Dawid (Psalm 41:10).

Hd. 13:47: "Die Here het aan ons bevel gegee"(Jes. 59:6). Hieruit blyk onteenseglik dat die Nuwe Testament die Ou Testament sien as God se Woord!

*Slotsom:* Daar kan dus geen twyfel wees nie dat Jesus, en die Nuwe Testament in sy geheel, die absolute kanonisiteit van die Ou Testament sonder voorbehoud erken het nie. Dit is en bly vir ons die beslissende punt in verband met die geskiedenis van die erkenning van die Ou Testament. Die vroeë Kerk het in sy erkenning van die Ou Testament as Gods Woord daarom net sy Meester, Jesus Christus, getrou nagevolg.

## 2.4 Erkenning reeds in voor-Nuwe Testamentiese tyd na te speur?

### 2.4.1 Josephus – 1e eeu n.C.

Josephus is die baie bekende Joodse skrywer uit die eerste eeu na Christus. Dus: 'n tydgenoot van Jesus en die Nuwe-Testamentiese skrywers – maar 'n buite-christelike Joodse getuie.

Hy spreek van die geheel besondere betekenis van die boeke van die Septuaginta (die Joods-Griekse Ou Testament), en karakteriseer die boeke as: "waaragtig betroubaar".

Hulle is vir hom duidelik te onderskeie van ander geskrifte wat nie gelyke vertroue waardig is nie. Hulle moet, sê hy, "gereken word as die eie leerstellinge van God."

### 2.4.2 Philo van Alexandrië – begin van ons jaartelling

Die Alexandryns-Griekse filosoof is gebore in ±20v.C. Hy voer ons dus terug tot kort voor die tyd van die Nuwe Testament.

Uit sy veelvuldige aanhalings uit die Ou Testament blyk dat hy as 'n hellenistiese Jood, uit die Joodse Diaspora (verstrooiing) die Ou Testament erken as "die volkome openbaring van God se wysheid". Meestal meld hy wanneer hy siteer uit 'n Bybelboek uitdruklik die Goddelike oorsprong van die geskrif.

Dit bevestig vir ons dat die Ou Testament teen die begin van ons jaartelling onder die Jode, nie net van Palestina nie maar ook van die Diaspora (Egipte in casu) as volkome kanoniek erken is.

Kan ons egter nog verder terug in die geskiedenis?

### 2.4.3 Jesus Sirach – ±200 v.C.

Die apokriewe boek, Die Wysheid van Jesus Sirach, stam uit ± die derde eeu v.C.

In die voorwoord tot die boek, wat die seun of kleinseun van Jesus Sirach daarby geskryf het (dus ± 200 v.C), word daar 'n duidelike skeidslyn getrek tussen die gesag van hierdie boek deur die voorwoordskrywer se "pappos" (Ons "pappie" of "oupa") en die gesag van die Wet en Profete, waaruit sy vader self stof geput het.

In die werk self word dikwels aangehaal uit en verwys na die Wet en Profete as gesaghebbend. Tog word nêrens met soveel woorde die Goddelike oorsprong van die Ou Testament gestel nie.

Dat dit vir Jesus Sirach egter 'n duidelik van sy eie geskrif te onderskeie, kanonieke gesag gehad het, staan vas.

## 2.5 Slotsom

Die erkenning van die Goddelike outoriteit van die Ou Testament deur die *Christelike Kerk* kan teruggevoer word tot die ondubbelsinnige getuienis van die Nuwe Testament en inderdaad Jesus self.

By die *Jode* het die Ou Testament as Kanon van God algemene erkenning geniet teen die begin van ons jaartelling – 'n gesagserkenning waarvan ons die oorsprong tot ten minste in die 3e eeu v.C. kan naspeur. Verder terug kan ons histories nie kom nie – behalwe vir die getuienis van die Ou Testament self, wat by die *historiese* ondersoek nie ter sake is nie (Wat die Bybel, Ou of Nuwe Testament oor sigself sê, is Godsopenbaring, en nie blote kerkgeskiedenis nie. Daaroor handel ons dan by die prinsipiële besinning oor die Kanon.)

# *3. GESKIEDENIS VAN DIE ERKENNING VAN DIE NUWE TESTAMENTIESE KANON*

## Inleidend

Ons volg hier dieselfde metode as by die Ou Testament: ons begin by die terminus ad quem, d.i. die finale en vaste punt, en werk daarvandaan terug in die geskiedenis om die terminus a quo, die punt waar die erkenning begin, te probeer vasstel. Hierby gaan ons nou weer nie die Nuwe-Testamentiese gegewens self na nie, omdat die Nuwe-Testamentiese getuienis oor sy eie gesag en gesagserkenning nie tot die kerkgeskiedenis behoort nie, maar daaraan voorafgaan. Dit kom ter sprake by die *prinsipiële* besinning oor die Kanon van die Nuwe Testament.

## 3.1 Die vaste punt: 393 en 397 n.C.

'n Definitiewe eindpunt in die geskiedenis van die erkenning van die Nuwe-Testamentiese Kanon vind ons aan die einde van die 4e eeu n.C.

Twee Konsilies van die kerk in Afrika spreek hulle in hierdie tyd pertinent uit oor die erkenning van die Kanon van die Nuwe Testament:

die Afrika-Konsilie van Hippo Regius, 393 n.C. en

die Afrika-Konsilie van Karthago, 397 n.C.

Canon 47 van hierdie Konsilies se besluite lui naamlik:

"Dat behalwe die kanonieke Geskrifte niks in die kerk gelees mag word onder die naam van Goddelike Geskrifte nie. Hierdie is egter die kanonieke Geskrifte, te wete: Genesis... Openbaring van Johannes – een boek. Hulle maak dan (t.o.v. die Nuwe Testament – J.C.C.) sewe en twintig boeke... Dit is geoorloof dat wel ook die lydensgeskiedenisse van die martelare gelees word, wanneer hulle verjaarsdae gedenk word." Die oorspronklike Latynse teks van die besluit word aangehaal in Grosheide, 1935, 102. Dit lui: "Ut praeter scripturas canonicas nihil in ecclesia legatur sub nomine divinarum scripturarum. Sunt autem canonicae scripturae, id est: Genesis ... Apocalypsis Ioannis – liber unus. Fiunt igitur libri viginti et septem ... Liceat etiam legi passiones martyrum, quum anniversarii dies eorum celebrantur."

Hier het ons die heel *eerste* kerklike besluit insake die Kanon van die Nuwe Testament. Die besluit behels: (i) Die 27 boeke wat ons in die Nuwe Testament ken, word uitdruklik vermeld; (ii) Hulle word genoem Kanonieke Boeke en Goddelike Geskrifte; (iii) Hulle alleen mag gelees word onder die naam: Goddelike Geskrifte, en word aldus duidelik onderskei van ander lesenswaardige, hooggeagte, maar tog bloot menslike geskrifte soos o.a. die martelaarsaktes.

Hierdie was nie alleen die *eerste besluit* van 'n kerklike vergadering oor die Nuwe Testamentiese Kanon nie, *maar ook die beslissende:* hoewel die besluit net geneem was deur die Kerke van Afrika, was dit na konsultasie met die oorsese Kerke, en gevolglik het die besluite onmiddellik algemene aanvaarding geniet.

## 3.2 Getuienis uit die 4e eeu en uit die 3e eeu

* Twee figure is ten opsigte van ons vraagstuk in die *4e eeu* van die grootste belang, t.w. die Kerkvader Athanasius, biskop van Alexandrië van 328 tot 373, en die kerkgeskiedskrywer Eusebius van Caesarea.

In die 4e eeu was die invloed van *Athanasius* besonder sterk. Trouens die besluite van die Kerke van Afrika in 393 lui feitlik presies volgens die bewoording van Athanasius se beroemde 39e Paasfeesbrief, 'n omsendskrywe aan die Oosterse Kerke in 367 n.C. Dit was oor jare heen Athanasius se gebruik om rondom Paasfees herderlike skrywes te rig aan dele van die Christelike kerk. In sy 39e Paasbrief sit hy aan die Oosterse Kerke die stand van sake rondom die Kanon uiteen. Hy onderskei drie kategorieë:

(i) Kanonizomena of kanonieke boeke – hieronder tel hy al sewe en twintig boeke van die Nuwe Testament en geen ander boeke nie. (Hier begin die gebruik van die benaming "kanon", "kanonieke boeke" vir die Bybel -vergelyk hoofstuk 1, punt 2).

(ii) anaginōskomena of leesbare boeke – dit is dan boeke wat wel in die kerke gelees (kan) word, maar nie die gesag van die kanonieke boeke het nie.

(iii) apokrufa of apokriewe boeke – hieronder tel wat ons onder die apokriewe verstaan.

Hierdie Paasbrief wat die stand van sake in die Afrika-kerke beskryf, en sonder enige teëspraak in die Oosterse Kerke ontvang is, verteenwoordig dus eintlik reeds die finale erkenning van die hele Nuwe-Testamentiese kanon, wat dan dertig jaar later by Hippo Regius en Karthago net 'n formele besluit word (Vergelyk Grosheide, 1935, 100-101).

*Eusebius,* by die oorgang van die 3e na die 4e eeu, gee in sy Kerkgeskiedenis of Ekklesiastikēs Historias III, 25:1-7, wat in ongeveer 311-312 geskryf is, 'n duidelike beskrywing van die stand van sake ten opsigte van die kanonerkenning aan die begin van die 4e eeu. Hyself gebruik die Nuwe-Testamentiese boeke as gesaghebbend of kanoniek, maar toon aan dat daar oor sekere boeke nog nie eenstemmigheid was in sy tyd nie, terwyl die apokriewe oorwegend skerp veroordeeld gestaan het.

So onderskei Eusebius drie kategorieë (vir besonderhede oor welke boeke hy by welke kategorie plaas, vergelyk hoofstuk 6, punt 3.1.3, iv).

(i) homolegoumena of die boeke waaroor eenders gepraat word – dus die erkende boeke.

(ii) antilegomena of die boeke waaroor daar teëspraak is – dus die onsekere of omstrede boeke, maar waarvan Eusebius toegee dat dit wel deur die meeste kerke erken word.

(iii) notha of die verworpe boeke.

Onder homolegoumena plaas Eusebius basies ons kanon, maar enkele van die korter briewe val vir hom nog onder die antilegomena (vergelyk Lake, 1953, 256-258).

* Gaan ons terug na die *3e eeu* , vind ons by leidende kerkvaders soos *Clemens Alexandrinus, Tertullianus en Origenes* die volgende ten opsigte van die Nuwe Testament:

(i) 'n Baie wye gebruikmaking van die Nuwe-Testamentiese Geskrifte in die weerlegging van dwaalleer – dus 'n beroep op die Geskrifte as gesaghebbend en beslissend ten opsigte van God se Waarheid; en daarmee as Kanon, as God se reël vir die geloof.

(ii) Meeste van die Nuwe-Testamentiese Boeke word sonder meer erken; oor sommige hang daar egter nog 'n mate van onsekerheid (bv. Hebreërs, Jakobus, Judas, 2 Petrus; 2 en 3 Johannes en in geringe mate die Openbaring van Johannes).

(iii) Sekere nie-kanonieke boeke word hooggeag, hoewel klaarblyklik nie gelykgestel met die Kanonieke Boeke nie (o.a. die Brief van Barnabas; die Herder van Hermas).

## 3.3 Die Tweede Eeu

Die tweede eeu word ten opsigte van die Nuwe-Testamentiese Kanon gekenmerk deur lewendige aktiwiteit. Hierin speel die ketter Marcion 'n belangrike rol, met besliste negatiewe maar tog ook sekere sterk positiewe gevolge.

### 3.3.1 Marcion ±140

Hierdie ketter verwerp die Ou Testament geheel en al en beroep hom uitsluitend op die Nuwe Testament as Gods Woord. Terwyl ons sy standpunt ten opsigte van die Ou Testament skerp verwerp, vind ons in sy optrede tog wel 'n sterk bewys van die erkenning van 'n Nuwe-Testamentiese Kanon teen die helfte van die 2e eeu.

Hy stel dan ook sy eie "Kanon", of lys van vir hom gesaghebbende boeke op. Hierin verwerp hy verskeie Nuwe-Testamentiese Boeke wat nie strook met sy Gnostiese beskouinge nie.

Marcion se optrede was 'n groot uitdaging en stimulans vir die Christelike Kerk om te kom tot verantwoording oor die Kanon van die Nuwe Testament.

### 3.3.2 Die antwoord van die Kerk

*Irenaeus se "Teen die Ketterye"* of oorspronklik: Adversus haereses.

Irenaeus was 'n tydgenoot van Marcion, en is in 202 n.C. oorlede.

Hy skryf sy bekende werk "Teen die ketterye" juis onder andere in antwoord op rigtinge soos die van Marcion.

Irenaeus erken die gesag van die Boeke van die Nuwe Testament saam met en naas die Ou-Testamentiese kanon. Die gesagserkenning van die vier Evangelies is by hom aksiomaties: hy vergelyk dit met die vier windrigtings van die aarde. Ook haal hy uit Handelinge aan as "die Skrif", en erken verder uitdruklik die Briewe van Paulus, die Openbaring van Johannes en sommige Algemene Sendbriewe.

*Hippolytus van Rome ±150-200*

Hippolytus praat pertinent van twee Testamente, die Ou Testament en die Nuwe Testament. Hierin is hy waarskynlik een van die eerstes: Hy plaas die twee Testamente gelykwaardig langs mekaar. Ook erken hy al vier die Evangelies uitdruklik.

Dit is taamlik waarskynlik dat Hippolytus die opsteller was van die so bekende Canon Muratori (±200 n.C). Hierdie geskrif is 'n uiters belangrike getuienis dat daar teen die einde van die 2e eeu 'n baie wyd verspreide erkenning van die Nuwe Testament as Kanon was en verder dat daar behoefte was aan duidelikheid oor die boeke wat erkenning geniet.

*Verkeerde bewyse vir kanonisiteit in hierdie tyd geskep*

As gevolg van die skok van Marcion se kettery wat nie alleen die Ou Testament nie, maar ook verskeie Nuwe-Testamentiese Geskrifte uit Gnostiese oorwegings verwerp het, het die Christelike Kerk hom in die tweede helfte van die 2e eeu vir die eerste keer gedwonge gaan voel om hom te verantwoord oor die vraag waarom die boeke van die Nuwe Testament deur hom erken word.

Hierin was die kerkvaders klaarblyklik onverhoeds gevang en fabriseer hulle nou (Irenaeus neem die voortou) ooglopend gronde vir die erkenning wat vroeër outomaties en aksiomaties gekom het. Die vernaamste *notae canonicitatis* of "bewyse vir kanonisiteit" was:

(i) apostoliese outeurskap – waar direkte apostoliese outeurskap nie bestaan nie, word die saak goed gemaak deur te wys op die band tussen die outeur en 'n apostel, bv. Markus met Petrus en Lukas met Paulus;

(ii) hoë ouderdom van die Geskrif;

(iii) die feit dat 'n boek deur die *kerk* in ere gehou is;

(iv) ook Irenaeus se naïewe vindisering van 'n *viertal* evangelies op grond van die feit dat daar tog ook die vier windrigtings van die aarde is.

By die prinsipiële beoordeling van die erkenning van die Kanon sal blyk waarom ons hierdie late pogings tot vindisering van die erkenning van Boeke van die Nuwe Testament nie kan onderskryf nie.

*Positiewe rigtingwysers van die 2e eeu*

(i) Marcion skep *nie* die Kanon nie: Die kritiese teologie wil alte graag Marcion as eintlike skepper van die Kanon sien. Hy sou dan by verwerping van die Ou Testament die eerste gewees het om behoefte te gehad het aan 'n Nuwe-Testamentiese Kanon.

    Dit blyk duidelik dat hierdie sienswyse vals is. Marcion kom juis in verset teen die kerk se kanon van Ou en Nuwe Testament! Hy verwerp die reeds so lank aanvaarde

Ou-Testamentiese Kanon, en stel hom verder uitdruklik rewolusionêr teen sekere Nuwe-Testamentiese boeke – wat juis laat blyk dat hierdie boeke al in die kerk erkend moes gewees het!

(ii) Dit is duidelik dat die *kerk* self nie die Kanon *gemaak* het nie: Juis die swak argumente wat die kerkvaders teenoor Marcion na vore bring as gronde vir kanonisiteit, toon hoe onverhoeds hulle gevang was. Die kerk het hom nooit vroeër "wetenskaplik" verantwoord waarom sekere boeke wel kanoniek is en andere nie, juis omdat die kerk nie die Kanon *gemaak* het nie, maar dit net gelowig ontvang het van God. Eers die kettery van Marcion dryf hulle tot verantwoording oor die kanonisiteit van sekere boeke – maar *nie* tot Kanon-makery nie!

3.3.3 Slotsom oor die 2e helfte van die 2e eeu

Ook in die 2e helfte van die 2e eeu was die idee van 'n Nuwe-Testamentiese Kanon, van 'n tweede bundel gesaghebbende, goddelike boeke naas en gelyk aan die Ou Testament, reeds diepgewortel. Daar was wel heelwat verskil oor enkele *boeke* van die Nuwe Testament, maar dat daar 'n Godgegewe Nuwe-Testamentiese Kanon is, het vasgestaan.

## 3.4 Die Apostoliese Vaders: 90-140 n.C.

Ons kom nou by die kardinale vraag:

Kan ons vir 'n kerklike besef van die bestaansreg van 'n Nuwe-Testamentiese Kanon terugwerk tot by die Apostoliese Vaders?

Indien wel, dan sou ons daarmee die erkenning van die Kanon teruggevoer het tot binne twee geslagte of selfs een geslag vanaf die teboekstelling van die Nuwe Testament self!

In die eerste plek moet ons dan stel: inderdaad word die lyne hier minder duidelik – iets wat geensins bevreemdend is nie. Ons moet immers aanneem dat al die Boeke van die Nuwe Testament nog nie eers in al die Kerke, veral op die uithoeke, bekend kon wees nie. Veral by die aanvang van hierdie tydperk, +-90-100 n.C. want toe het bv. die Boeke van Johannes nog maar hoogstens 'n dekade bestaan.

Ons kan dus nie verwag om hier reeds uitsprake te kry oor die Nuwe Testament in sy geheel nie.

Tog vind ons belangwekkende uitsprake:

*Polycarpus, persoonlike leerling van die apostel Johannes*

Dis interessant dat ons van hom 'n brief het aan die gemeente van Filippi, aan wie daar ook 'n kanonieke brief geskryf is.

Uit sy brief aan die Filippense, geskryf ±100-130, wys ons op die volgende:

i. Polycarpus haal meermale aan uit Paulus se briewe, o.a. in 11:2; "Of weet ons nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel, soos Paulus leer nie?" Vgl. I Kor. 6:2.

ii. Hierby onderskei hy radikaal tussen die gesag van sy eie briewe en die van die apostel Paulus, bv. in 3:2: "Want nog ek nog enigeen soos ek is in staat om die wysheid van die geseënde en geëerde Paulus te ewenaar; hy wat in u gemeente ... vroeër suiwer en getrou die woord van die waarheid geleer het en briewe geskryf het toe hy van julle weg is. As julle jul daarin verdiep, is hulle (die Briewe van Paulus! – J.C.C.) in staat om julle op te bou in die oorgelewerde geloof ..."

iii. Polycarpus stel reeds die woord van die apostels gelyk aan die profete van die Ou Testament! So lees ons in 6:3: "Laat ons Hom (die Here Jesus – J.C.C.) met eerbied en alle godsvrug dien soos Hyself beveel het asook die apostels wat aan ons die Evangelie verkondig het en die profete wat die koms van onse Here voorspel het."

iv. Ons vind by Polycarpus ook 'n direkte aanhaling uit Ef. 4:26 onder die formule waarmee die Nuwe Testament self aanhaal uit die Ou Testament, naamlik: "Soos gesê word in die Skrifte" ("Want ek is oortuig dat julle goed bekend is met die Heilige

Skrifte ... Alleenlik, soos gesê is in hierdie Skrifte: "Word toornig en moenie sondig nie, en laat die son ondergaan oor julle toorn nie – 12:1). Dit is wel waar dat Paulus in Ef. 4:26a Ps. 4:5 aanhaal maar omdat Polycarpus die <u>hele</u> Ef. 4:6 aanhaal is dit duidelik dat hy <u>nie</u> 'n Ou-Testamentiese aanhaling maak nie.

*Clemens Romanus, 1e helfte 2e eeu*

In die Tweede Brief van Clemens (II Clemens 13:4) haal die skrywer met dieselfde formule waarmee hy uit die Ou Testament aanhaal, t.w. "God sê:" ook Lk. 6:32, 35 aan ("God sê: 'As julle die liefhet wat vir julle liefhet, watter dank het julle ...'").

Ook haal hy verskeie kere uitsprake van die Here Jesus aan in 'n vorm wat baie ooreenstem met ons Evangelies. Hy doen dit telkens onder die formule: "Die Here sê:"

Vergelyk ook 1 Cl. 42:1 vir 'n fundering van die gesag van die evangelie van die apostels.

*Die Brief van Barnabas, 1e helfte 2e eeu*

In hoofstuk 4:14 word bv. uit Mt. 20:16 ("Baie is geroep, maar min is uitverkies") aangehaal met die bekende formule waarmee Jesus die gesag van die Ou Testament aangedui het, naamlik "soos daar geskrywe staan".

*Die Briewe van Ignatius voor 110 n.C.*

Ons sluit af met verwysing na ons oudste getuie, Ignatius, wat reeds in 110 n.C. 'n marteldood gesterf en wie se briewe dus nog vroeër as 110 geskryf moes wees!

Ook van hom het ons 'n brief aan 'n gemeente aan wie Paulus ook 'n kanonieke brief geskryf het, naamlik aan Rome.

Ignatius maak radikaal onderskeid tussen die gesag van briewe deur homself geskrywe (hoewel hy opsiener – *episkopos* – in die kerk van Smirna was) en die woorde van die apostels. So skryf hy in sy Romeinebrief, hf. 4:3: "Ek beveel u nie soos Petrus en Paulus nie. Hulle is apostels, ek is 'n veroordeelde". En in sy brief aan die gemeente van Tralles, hf. 3:3 skryf hy: "Ek kon egter hieroor in skerper woorde geskryf het, maar ek ag my nie bevoeg as veroordeelde, om aan julle bevele te gee soos 'n apostel nie."

*Slotsom*

Hoewel, soos te verwagte was, die Apostoliese Vaders hulle nog nie pertinent uitspreek oor 'n Kanon van die Nuwe Testament nie, ly dit geen twyfel nie:

i. dat reeds in hierdie tyd Boeke van die Nuwe Testament (al was dit nog nie almal nie) as gesaghebbende Woord van die Here gebruik is;

ii. dat die woorde van die apostels en die van die Ou-Testamentiese profete gelykwaardig geag is;

iii. dat ten minste sekere Evangelies en Briewe van die apostels erken is as synde op gelyke voet met die Ou Testament;

iv. dat 'n duidelike skeidslyn tussen die getuienis van die apostels en eerbiedwaardige uitsprake van leiersfigure in die vroeë Kerk getrek is.

## 3.5 Gevolgtrekkinge oor die geskiedenis van die erkenning van die Nuwe-Testamentiese Kanon

i. Teen die jaar 400 is die kerklike erkenning van die Nuwe-Testamentiese Kanon 'n offisieel afgehandelde aangeleentheid.

ii. Die gesaghebbendheid van die Boeke van die Nuwe Testament – met uitsondering van enkele Geskrifte – is vanaf die vroegste na-apostoliese tyd erken.

iii. Daar was *nooit 'n tyd* in die vroeë Christelike Kerk waarin daar enige twyfel of stryd was oor die bestaansreg van 'n Nuwe-Testamentiese Kanon naas en saam met die

Kanon van die Ou Testament nie.

iv. Die feit dat die boeke van die Nuwe Testament eeue lank in die Kerke in algemene gebruik was en as vanselfsprekend erken was as gesaghebbende Woord van God voordat kerklike vergaderings eers in 393 en 397 amptelik daaroor besluite geneem het; asook die feit dat die kerkvaders eers nadat hulle hul deur Marcion se aanslag daartoe gedwonge voel, kom met heel naïewe pogings om nou die kanonisiteit van lank-erkende Boeke te bewys, (die tweede feite) toon, histories gesien, dat die Kerke die Kanon erken het as 'n gawe wat *uit Gods hand* ontvang is, en *nie* as iets wat die *Kerk self* gemaak en tot Kanon verhef het nie.

# HOOFSTUK 6: GESKIEDENIS VAN DIE AFRONDING EN AFSLUITING VAN DIE KANON

## *1. INLEIDING: DIE BEGRIPPE*

In die voorafgaande het ons agtereenvolgens gelet op

- die *ontstaan* van die boeke van die Kanon:
- die *bundeling* of versameling van die Kanon, (d.w.s. hoe dit gekom het dat boeke wat geheel los van mekaar ontstaan het, tot 'n eenheid versamel is as 'n biblioteek van boeke).
- die *erkenning* van die Kanon (d.w.s. hoe die Kerk – of Israel – daartoe gekom het om die boeke van die Bybel te herken en te erken vir wat hulle is, die gesagvolle Woord van God).

Onder *afronding* van die Kanon, verstaan ons nou die proses van presiese omlyning van die grootte van die kanon; die beslissing oor moontlike grensgevalle: Was daar enige boeke waaroor die kerk getwyfel het of hulle binne die Kanon hoort? Indien wel, hoe het dit gekom dat bepaalde boeke as kanoniek *erken* is, en ander as apokriewe geskrifte *herken* is?

Onder *afsluiting* van die Kanon verstaan ons die beslissing van die Kerk wat van die Kanon kon sê: "Nou is dit klaar; niks mag weer bygevoeg en niks mag weer weggeneem word nie". Dit is die finalisering van die proses van afronding.

## *2. DIE AFRONDING EN AFSLUITING VAN DIE OU TESTAMENT*

### 2.1 Die afronding

*Inleidend*

Die teboekstelling van die boeke van die Ou Testament was teen ongeveer 350v.C. voltooi.

Die *erkenning* van die gesag en bestaansreg van 'n Godgegewe geskrewe Kanon kan ons terugvoer tot ten minste by Jesus Sirach, ±200 v.C.

Dit wil egter nie sê dat daar noodwendig en vanselfsprekend van oudsher en oral eenstemmigheid was oor die presiese grense van die Kanon van die Ou Testament nie. Dit is tog wel 'n vraag van belang of daar 'n mate van meningsverskil was oor sekere boeke: hoort hulle wel daarbinne; en oor ander: moet hulle nie daarby kom nie?

Hier het ons in ons ondersoek met twee historiese terreine te doen: die Jode, en dié van die Jode en dié van vroeë Christelike Kerk.

#### 2.1.1 By die Jode

*Die Palestynse Jode:* (Tenach)

a. Oor die kern van die Joodse Kanon was daar nooit enige meningsverskil nie: die Tora, die vyf boeke van Moses, was vanaf die vroegste tye erken; so ook die meeste Profetiese boeke.

b. Bevraagtekening by die Jode het hoogstens 'n enkele Profetiese Boek en sekere van die Geskrifte geraak.

c. 'n *Kleiner* Kanon? Skynbaar was daar by die Palestynse Jode van die lê eeu van ons jaartelling tog nog 'n mate van onsekerheid oor sekere boeke. In ±90 n.C. vind daar naamlik 'n groot byeenkoms van rabbyne plaas te Jamnia, bekend as die sogenaamde Sinode van Jamnia, waar die volgende boeke ter sprake was:

1. Esegiël (Profetiese Boek – let wel: nie op Palentynse bodem geskryf nie!)
2. Spreuke
3. Hooglied
4. Prediker
5. Ester

(2–5: Geskrifte)

Of dit egter *oor* die kanonisiteit self van die Boeke gegaan het, is twyfelagtig. Waarskynlik was dit meer die vraag of hulle heeltemal dieselfde gesag dra as die ander boeke. (In Joodse terme was naamlik die vraag: verontreinig hulle ook die hande van wie hulle aanraak soos die ander boeke van die Tenach?)

In elk geval bring Jamnia finaliteit en plaas al die boeke van die Joodse Tenach (dieselfde as ons Ou Testament) bo alle twyfel.

d. 'n *Groter* Kanon? Het die Palestynse Jode enige apokriewe boeke oorweeg as deel van die Kanon? Volgens beskikbare getuienis nooit – ook nie by Jamnia nie.

*Die Alexandrynse Jode:* (Septuaginta)

Dit is goed bekend dat die Septuaginta, die Griekse Vertaling van die Tenach wat by die Alexandrynse Jode (in Egipte) in gebruik was sedert ±3e eeu v.C. die Apokriewe Boeke (3 en 4 Esra, Tobias, Judit, die Boek van die Wysheid van Salomo, Jesus Sirach, Barug, die Byvoegsel by Ester, die Gebed van die drie manne in die vuur, die geskiedenis van Susanna, Bel en die Draak, die Gebed van Manasse en I en II Makkabeërs) ingesluit het.

Daarby staan die boeke in die ou manuskripte dikwels nie bymekaar aan die einde van die Septuaginta nie, maar op verskillende toepaslike plekke tussen Kanonieke Boeke: 3 en 4 Esra, Tobias, Judit, die Byvoegsel by Ester net na die historiese boeke; Boek van die Wysheid van Salomo en Jesus Sirach na die Wysheidsboeke, Baruch en Die Brief van Jeremia na Jeremia en Klaagliedere.

Dit skyn op die oog af sterk daarop te dui dat die Alexandrynse Jode 'n veel ruimer Kanon gehad het.

Tog is daar belangrike getuienis daarteen:

i. Philo, die groot Alexandrynse filosoof wat veelvuldig uit die Septuaginta aanhaal, haal nêrens aan uit hierdie Apokriewe boeke nie;

ii. Daar is nêrens tekens van enige spanning tussen die Palestynse Skrifgeleerdes en Alexandrië oor die Kanon nie – wat te verwagte is as laasgenoemde wel die kanon aansienlik vergroot het.

iii. Die plekke waar die boeke in die Septuaginta staan, is telkens aan die einde van 'n spesifieke groep van die kanonieke boeke.

*Gevolgtrekking*

Dit is dus waarskynlik dat die Alexandrynse Jode hierdie boeke, hoofsaaklik wysheids-boeke, van besondere hoë waarde geag het, maar sonder om hulle op een lyn te stel met die Kanonieke boeke.

### 2.1.2 By Jesus en die Nuwe Testament as geheel

Dat Jesus en die geheel van die Nuwe Testament die outoriteit en kanonisiteit van die Ou-Testamentiese Kanon erken het, het ons vroeër reeds baie duidelik gesien.

Kan ons uit die Nuwe Testament egter duidelikheid kry oor die vraag van die afronding van die Ou-Testamentiese Kanon? Was daar boeke van die Joodse Tenach wat Jesus en die Nuwe Testament nie erken het nie? Of het Jesus en/of die Nuwe-Testamentiese skrywers ook ander boeke as kanoniek erken behalwe die wat in die Joodse Tenach en ons Ou Testament opgeneem is?

Dit is moeilik om hieroor tot absolute sekerheid te kom omdat die Nuwe Testament nêrens 'n lys van erkende Ou-Testamentiese boeke gee nie. Tog hoef daar geen ernstige twyfel te wees nie, aangesien ons wel heelwat kan aflei 'uit die Nuwe Testament.

Ons moet egter vrae in twee rigtings beantwoord: Had Jesus c.s. dalk 'n *kleiner* kanon as ons s'n; of ook moontlik 'n *groter* kanon?

i. Is daar twyfel of sekere kanonieke boeke wel binne die kanon van Jesus en Nuwe Testament geval het?

Ons basiese bron van inligting in die Nuwe Testament is aanhalings uit, sinspelinge op en duidelike herinneringe aan sekere uitsprake in die Ou-Testamentiese boeke. Op grond hiervan kan ons die volgende stellings maak:

a. Jesus haal pertinent uit al drie die dele van die Joodse Tenach (Tora, Profete en Geskrifte aan) – vgl. wat onder Hoofstuk 2, 2.2.3 (Versameling van die Kanon) gesê is aangaande die Nuwe-Testamentiese getuienis oor die bundeling van die Ou Testament. Aldrie die groepe Ou-Testamentiese boeke hoort dus vir Jesus in die Kanon.

b. Hoe staan dit egter met indiwiduele boeke? Jesus c.s. maak direkte aanhalings uit of sinspeel op uitsprake van feitlik al die Ou-Testamentiese Boeke. Tog is daar die volgende boeke waaruit nie aangehaal word of waarop nie duidelik gesinspeel word nie: Josua, Rut, Ester, Prediker, Hooglied, Amos, Obadja, Haggai (miskien ook Nahum en Sefanja).

c. Oor verskeie van hierdie boeke hoef daar egter in elk geval geen twyfel te wees nie; t.w.

  - *Josua:* Want die Nuwe Testament haal aan uit beide die boeke wat voor en ná Josua in die Joodse Tenach voorkom. 'n Kanon wat dus Deuteronomium en Rigters bevat, sal vanselfsprekend ook Josua insluit (by die Jode was dit ook nooit in twyfel nie).

  - *Rut:* Hoewel geen aanhalings uit Rut as boek gemaak word nie, word die Kanonisiteit van hierdie boek vir die Nuwe-Testamentiese skrywers gewaarborg deur die geslagregisters van Jesus in Mattheüs en in Lukas (By die Jode was dit ook nooit in twyfel nie).

  - *Amos, Obadja en Haggai (Nahum en Sefanja)* – Hierdie is almal boeke van die Twaalf Kleiner Profete en dus slegs onderdele van wat in die Joodse Tenach een enkele boek was!

d. *Al wat dus oorbly is Prediker, Hooglied en Ester.* Van behoudende kant het vele teoloë al gepoog om ooreenkomste tussen Nuwe-Testamentiese uitsprake en gedeeltes uit hierdie 3 boeke aan te toon (bv. Pr. 5:1; Mt. 6:7 of Hooglied 4:15 – Jh. 7:38). Tog moet ons erken dat die pogings nie oortuigend is nie. So is ook die feit dat Jh. 5:1 sê dat Jesus ook op "die fees van die Jode", d.w.s. die Purimfees was, waarvan die instelling in die boek Ester beskryf word, nog geen bewys dat Jesus daarmee die boek Ester erken het nie.

e. Ons kan dus nie afdoende bewys dat hierdie drie boeke vir Jesus en die N.T. skrywers wel *binne* die Kanon geval het nie.

f. Die omgekeerde is egter ewe waar: die blote feit dat hierdie boeke nie aangehaal word in die Nuwe Testament nie, is nie 'n *bewys* dat hulle daarom nie as 'n deel van die kanon geag was nie.

g. Ons kan dus vrywel met sekerheid stel dat die Nuwe Testament al die boeke van die Ou Testament as kanoniek geken het.

ii. Is daar sprake dat 'n groter Kanon aanvaar was: dat ook Apokriewe boeke deur Jesus c.s. erken was?

a. Geen Apokriewe Boek word in die Nuwe Testament by name genoem nie.

b. Geen definitiewe aanhaling uit of verwysing na Apokriewe Boeke kan by Jesus aangetoon word nie. Daar is wel enkele gevalle waar 'n aanhaling uit "Die Skrif(te)" gemaak word wat nie met 'n enkele Ou-Testamentiese teks ooreenkom nie. Maar dan

is daar ook nie enige verband met apokriewe geskrifte aanwysbaar nie.

c. Die Brief van Judas haal wel aan of het verwysings na sekere pseudepigrafiese geskrifte: Vs. 9 – Hemelvaart van Moses (volgens getuienis van Origenes e.a. kom dit uit genoemde werk, sonder dat ons dit nog kan verifieer); Vs. 14-15 – 1 Henog 1:9 (albei is Ou-Testamentiese pseudepigrapha).

   Maar: Nog hier, nog op enige ander plek in die Nuwe Testament word uit 'n apokriewe boek aangehaal met die formules: "Daar staan geskrywe"; "Die Skrif sê" ens. – waarmee die Nuwe Testament die gesag van die boeke van die Ou Testament erken nie.

   Ten opsigte van Judas se gebruikmaking van gebeure uit pseudepigrafiese boeke kan ons daarop wys dat Paulus in Hd. 17:28 selfs aanhaal uit Grieks-heidense digters – wat met kanonisiteit nog niks te make het nie. (Hy haal hier aan uit die Stoïsynse digter, Aratus, se Phaenomena hf. 5).

d. Ons kan dus konkludeer dat dit vrywel seker is dat Jesus en die geheel van die Nuwe Testament slegs die boeke van die Kanon van die Joodse Tenach (ons Ou Testament) erken het.

iii. Slotsom

Ons kan aanvaar dat vir Jesus en die Nuwe-Testamentiese skrywers die Ou Testament sy afronding bereik het in die 39 boeke van ons Ou-Testamentiese Kanon.

### 2.1.3 In die vroeë Christelike Kerk (vgl. New Bible Dictionary, pp.192-194)

In die vroeë Christelike Kerk is onmiddellik in navolging van Jesus en die apostels die 39 boeke van die Ou Testament sonder enige teëspraak aanvaar. Die Joods-christelike kerk het daarby waarskynlik ook uitsluitlik gehou.

Die Griekssprekende Kerke was egter aangewys op die Septuaginta, die Griekse Ou Testament – en hierin was, soos reeds gesien, ook die 14 apokriewe boeke opgeneem. Die Ou Testament soos dit deur die vroeë Griekssprekende Kerk *gebruik* was, het dus wel die 39 Kanonieke boeke plus die 14 Apokriewe *bevat.*

Nogtans het dit nie beteken dat hulle hierdie boeke as *Kanoniek* aanvaar het nie. Dat die kerk in die eerste twee eeue tog die Kanon van die Ou Testament beperk het tot die Palestyns-Joodse Kanon blyk uit die vroegste kerklike Kanon-lyste soos die van Melito van Sardis (±160 n.C).

### 2.1.4 Hippo Regius en Karthago

Vanweë die feit dat die 14 Apokriewe egter deel van die Septuaginta gevorm het, en veral sedert die hele Septuaginta +vanaf die begin van die 3e eeu in die een boekvorm (codex) verskyn het, is hierdie boeke tog mettertyd al hoër gesag toegeken in die Christelike Kerk; veral in die Westerse (Griekssprekende) kerk.

So gebeur dit dat op die Sinodes van Hippo Regius (393) en Karthago (397) nieteenstaande heftige protes van o.a. Hieronymus en Rufinus die apokriewe boeke van die Ou Testament opgeneem is in die Kanon van die Ou Testament.

Die stemme teen die kanonisiteit van die 14 apokriewe in die Ou Testament Kanon het in die volgende eeue nooit stil geword nie. Trouens, reeds Augustinus, wat op bogenoemde sinodes klaarblyklik groot invloed ten gunste van hierdie boeke gehad het, het later in sy lewe van standpunt verander en duidelik onderskei tussen die gesag van die kanonieke boeke en hierdie veertien.

### 2.1.5 Die Rooms Katolieke Kerk en die Hervorming

In die ontwikkelende Rooms Katolieke Kerk, veral in die Weste, het die Apokriewe Boeke egter 'n vaste plek verkry en gedurende die Middeleeue 'n onbetwiste deel van hulle Kanon geword.

Met die Kerkhervorming het die reformatore egter onmiddellik die Hebreeuse Kanon, of

beter gestel, die Kanon van onse Here Jesus Christus herstel. Calvyn het die minderwaardigheid van die Apokriewe teenoor die gesagvolle 0u-Testamentiese Woord van God by herhaling beklemtoon en die Kerke van die Hervorming het ondubbelsinnig bely: "Ons maak onderskeid tussen hierdie heilige boeke en die apokriewe, naamlik ... Hierdie boeke kan die Kerk wel lees en ook daaraan onderrig ontleen vir sover hulle ooreenkom met die kanonieke boeke; maar hulle besit geensins die krag en gesag dat deur hulle getuienis enigiets van die geloof of van die Christelike godsdiens bevestig kan word nie. Dit is daarom *on*moontlik dat hulle in staat sou wees om die gesag van die ander heilige boeke te verminder." (N.G.B. art. 6).

Teenoor die Reformasie het die Rooms Katolieke Kerk volhardend en finaal op die Konsilie van Trente, 1546, verklaar dat die Apokriewe Boeke aanvaar moet word as kanoniek.

## 2.2 Afsluiting van die Ou Testamentiese Kanon

Hieroor kan ons heel kortliks handel aangesien daar geen besondere historiese probleme hieromtrent bestaan nie.

### 2.2.1 By die Jode

In sekere sin vind ons in die besluit van die sg. "Sinode" van Jamnia, ±90 n.C. 'n formele afsluiting van die Joodse Kanon, toe finaal uitsluitsel gegee is oor watter boeke in die Tenach hoort.

Tog het die Skrifgeleerde Judaïsme eintlike geen ware geslote Kanon – d.w.s. dat God Hom daarin volkome geopenbaar het nie: deur hulle gesagstoekenning aan die voortgaande oorlewering van die oumense, die rabbynse Skrifverklarings en omheining van die wet, het hulle eintlik 'n oop en steeds-groeiende kanon daargestel.

### 2.2.2 In die Christelike Kerk

*By die Here Jesus:*

Dit is duidelik dat Jesus die afsluiting van die Ou-Testamentiese Kanon in Homself en sy koms voltrek sien! Dit is immers die betekenis van die herhaalde uitsprake dat die Ou Testament in *Hom vervul* is. Let veral op Mt. 5:17: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, eerder om te vervul." Die woord "vervul" beteken in die Nuwe Testament naamlik: "Om vol te maak", te "voltooi", "iets by sy sinvolle bestemming te bring".

As die Ou Testament dus sy sinvolle bestemming in Jesus vind, dan is dit daarmee ook finaal voltooi: niks kan meer bykom of weggeneem word nie – dit is afgesluit!

*In die Nuwe-Testamentiese Geskrifte:*

Die boeke van die Nuwe Testament sluit aan by Jesus se uitsprake. Ten duidelikste is Hb. 1:1: *"Nadat* God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur sy Seun."

*Amptelike Kerklike Afsluiting:*

Die amptelike besluite van die Kerk oor die afsluiting van die Ou Testament het egter eers by Hippo Regius en Kartago (393 en 397) gekom.

Met die Hervorming is die saak egter opnuut geopen, en is die afsluiting van die Kanon van die Ou Testament prinsipieel teruggevoer na waar dit hoort: Na Jesus Christus self (deur die boeke uit te sluit, wat die kerk in die 4e eeu wel ingesluit het, maar deur Jesus self uitgesluit was!)

# *3. DIE AFRONDING EN AFSLUITING VAN DIE NUWE TESTAMENT*

## 3.1 Die afronding

### 3.1.1 'n Baie vroeë vaste kern

Vanaf 'n baie vroeë stadium het die Kerk 'n vaste kern van die Nuwe-Testamentiese Kanon besit waaroor daar geen dispuut was nie, t.w.

die Briewe van Paulus, ook bekend as die Pauliniese Corpus;
die vier Evangelies;
en waarskynlik Handelinge.

Soos reeds vroeër aangetoon, vind ons al in die Nuwe Testament self, t.w. in II Pt. 3:15-16 'n aanduiding van 'n bundel(tjie) van Paulus se briewe, en dit staan vrywel vas dat teen 80-85 n.C. die 13 Pauliniese Briewe, gebundel in hul huidige volgorde, algemeen verspreid en aanvaard was in die kerke.

Kort na die skrywe van die vierde Evangelie (Johannes) is die vier Evangelies klaarblyklik ook gebundel en saam versprei sodat selfs Johannes so vroeg as 100 – 120 n.C. reeds in Egipte geken en erken was (getuie hiervan: P52).

Inderdaad is daar geen spoor dat daar ooit in die vroeë kerk enige dispuut was oor hierdie boeke nie.

### 3.1.2 'n Baie klein kring van omstrede geskrifte

Gedurende die Tweede Eeu raak die ander Nuwe-Testamentiese Boeke ook algemeen bekend, en tesame daarmee ook sekere hoogaangeskrewe nie-kanonieke boeke.

Naas die 4 Evangelies, Handelinge en die 13 briewe van Paulus word nou ook verskeie Algemene Sendbriewe sonder dispuut erken.

Die Nuwe-Testamentiese Boeke wat in mindere of meerdere mate omstrede was in die 2e tot 4e Eeue was:

| | |
|---|---|
| Hebreërs | 2 en 3 Johannes |
| Jakobus | Judas |
| II Petrus | Openbaring van Johannes |

Die afronding van die Nuwe-Testamentiese Kanon raak dus in vergelyking met dit wat vasgestaan het, slegs 'n baie geringe onderdeel van die Kanon: 7 uit 27 boeke; of in moderne bladsye bereken: slegs 42 uit 333 bladsye dit is 12,6% in die 1933-vertaling; of 60 uit 423 bladsye, of 14,0% in die 1979-vertaling van die Nuwe Testament.

Buite-kanoniese geskrifte wat in diskussie was by die kanon-afronding tel ook slegs enkeles, t.w.

| | |
|---|---|
| Die Openbaring van Petrus | Die Eerste brief van Clemens |
| Die Herder van Hermas | Die Didache (Leer van die Apostels) |
| Die Brief van Barnabas | Die Handelinge van Paulus (in geringe mate) |

Oor die massa van die pseudepigrafiese Nuwe Testamentiese apokriewe was daar in die Christelike Kerk nooit werklik dispuut nie – hoogstens skerp veroordeling vir die aanhang daarvan by sektariese groepe.

### 3.1.3 'n Kort historiese oorsig

#### i. Die Tyd van die Apostoliese Vaders (90-140 n.C.)

Uit die geskrifte van die Apostoliese Vaders blyk duidelik hulle kennis van en gesagstoekenning aan die vier Evangelies en die Briewe van Paulus.

Opvallend is ook die feit dat van ons oudste getuienis juis die latere bevraagtekende *Openbaring van Johannes* raak! Reeds Clemens Romanus gebruik in sy eerste brief (1 Clemens), dus ±90-100 n.C. onteenseglik die Openbaring van Johannes. In I Cl. 34:3

word die profesie oor die wederkoms bv. volgens *Op. 22:12 se variasie* op Jes. 40:10 en 62:11 aangehaal!

Ook die *Brief van die Hebreërs* wat later wel bevraagteken is, was klaarblyklik in hierdie tyd wyd bekend en gebruik, soos blyk uit talle uitdrukkings uit hierdie Boek wat bv. in die literatuur van die kerk van Rome in die jare ±140-150 reeds voorkom. Clemens siteer meermale daaruit.

Clemens Romanus het onteenseglik J *Petrus* gebruik, terwyl Polycarpus, ±120 n.C. direkte aanhalings daaruit maak.

Oor die ander boeke van die Nuwe Testament kry ons in hierdie periode nog geen uitsprake of verwysings nie.

*Opsommend:*

Bekend en as gesaghebbend gebruik, was:

4 Evangelies
Handelinge
13 Briewe van Paulus
3 van die 8 Algemene Sendbriewe: Hebreërs, I Petrus en I Johannes
Openbaring van Johannes

Totaal: 22 Boeke.

**ii. Tweede helfte van die 2e Eeu**

Marcion, in verset teen die Christelike Kerk, erken in sy eie kanon-lys slegs een Evangelie, waarskynlik Lukas, en 10 briewe van Paulus (nie die Pastorale Briewe nie, en ook nie Hebreërs nie, wat in die vroeë kerk dikwels as Paulinies beskou was.)

Sy optrede versnel die proses binne die Kerk om te kom tot duidelike omlyning of afronding van die Nuwe-Testamentiese Kanon.

*Irenaeus* (in sy: Teen die Ketterye) erken die 4 Evangelies (met uitdruklike verwerping van alle apokriewe Evangelies), die 13 Briewe van Paulus, 0penbaring van Johannes, en van die Algemene Sendbriewe: I Johannes en I Petrus, asook Hebreërs (verwerp wel die outeurskap van Paulus) terwyl hy ook Judas en II Johannes geken het. *Hy maak geen melding van Jakobus, II Petrus en III Johannes* nie. Volgens Eusebius (4e eeu) het Irenaeus ook die *Herder van hermas* erken.

*Die Canon Muratori* (±200 n.C.): Die waarskynlike opsteller, kerkvader Hippolytus, se lys van erkende Boeke bevat: 4 Evangelies, 13 Briewe van Paulus, Judas, I en II Johannes en Openbaring van Johannes. Die weglating van I Petrus en Hebreërs wat vroeër al erkend was, val hier op. Die bestaande manuskrip van die lys is egter beskadig, en dit mog oorspronklik meer boeke bevat het.

Opvallend is hier die byvoeging van die *apokriewe Openbaring van Petrus* terwyl die Herder van Hermas genoem word, maar nie as gesaghebbend erken word nie.

Opsommend: Teen die einde van die Tweede Eeu is daar duidelik nog onsekerheid oor drie kleiner geskrifte van die Nuwe Testament: *Jakobus, II Petrus en III Johannes,* terwyl daar meningsverskil bestaan oor die moontlike kanonisiteit van die *Herder van Hermas* en die *Openbaring van Petrus* (albei heel stigtelike lektuur!)

In die *Egiptiese Kerke* was 'n breër kanon erkend wat ook *I Clemens* en *Didache* ingesluit het.

**iii. Derde Eeu (Baie belangrik)**

(Vergelyk hieroor ook Du Toit e.a., 1977, 242-249)

Die einde van die 2e eeu en begin van die 3e eeu was gekenmerk deur onrus in die Kerke vanweë sekere ketterye en sektariese afwykinge. Dit het ook 'n sekere invloed uitgeoefen op die kanon-afronding.

*Kenmerkend van die 3e Eeu in* ons onderhawige saak is *die twyfel oor sekere boeke wat vroeër reeds algemeen aanvaar is.*

So word daar nou vir die eerste keer stemme gehoor wat 'n vraagteken plaas agter *Hebreërs* (waarvoor daar tog al baie vroeg in die tweede Eeu sterk getuienis was.) Die besware teen Hebreërs is egter beperk tot die *Westerse Kerk* -dit is die gevolg van die kettery van die Montaniste, einde 2e Eeu en verder. Die Montaniste het hulle naamlik op Hebreërs beroep (o.a. Hb. 6:4 e.v.) vir hul leer van die uitval van uitverkorenes uit die genade. Reaksionêre stemme in die Kerk weerlê dan nie die Montaniste se *misbruik* van Hebreërs nie, maar bevraagteken die kanonisiteit van die Boek.

Ook *Openbaring van Johannes* word nou vir die eerste keer bevraagteken. In hierdie geval weer net in die *Oosterse Kerk,* en baie duidelik weer uit dogmatiese oorweginge. Vanweë die opkoms van die chiliasme (d.w.s. 'n denkrigting met sekere radikale beskouinge oor die duisendjarige Vrederyk in die lig van Op. 20:1-10) in die Oosterse Kerke, word uit reaksie weer deur sekere kerkleiers nie hul interpretasie van Openbaring weerlê nie, maar word as kortpad 'n vraagteken geplaas agter die kanonisiteit van Openbaring.

Ons vind dus by die Kerkvaders soos Clemens Alexandrinus, Tertullianus en Origenes eintlik 'n ietwat wyer kring van onsekere Boeke as in die 2e Eeu:

| | |
|---|---|
| Hebreërs | Judas |
| Jakobus | III Johannes (in mindere mate ook II Johannes) |
| II Petrus | Openbaring van Johannes |

Tog was die besware teen Hebreërs en Openbaring waarskynlik nie baie algemeen nie soos sal blyk uit Eusebius se getuienis.

*In* die *tyd is daar ook nog stemme ten gunste van sekere nie-kanonieke* geskrifte;

| | |
|---|---|
| Herder van Hermas | I Clemens |
| Brief van Barnabas | Openbaring van Petrus |

iv. Die Vierde Eeu

Teen die begin van die 1e eeu en wel in 311-319 vind ons 'n duidelike opsomming van die stand van afronding by die Kerkgeskiedskrywer, *Eusebius van Caesarea;* Hy deel die boeke wat in diskussie is rondom die Kanon in drie groepe:

*Homolegoumena* (erkende, eenstemmige) – t.w. 4 Evangelies, Handelinge, die Briewe van Paulus (waarskynlik was Hebreërs hierby ingesluit aangesien Eusebius dit nêrens elders by name noem nie), I Petrus, I Johannes, en Openbaring van Johannes (met voorbehoud). Die stryd teen Hebreërs was dus blykbaar weer uitgewoed. Oor Openbaring is Eusebius nog heel onseker: hy plaas dit by sowel die *Homolegoumena* as die *Notha.*

*Antilegoumena* (onsekere, bestrede), t.w., Jakobus, Judas, II Petrus, II en III Johannes, Van hierdie boeke sê Eusebius dat hulle in die kerke wel omstrede is, maar- tog deur die meeste erken word.

*Notha* (afgewese), waaronder hy tel: Handelinge van Paulus, Herder van Hermas, Openbaring van Petrus, Brief van Barnabas, Didache, Evangelie van die Hebreërs en Openbaring van Johannes ("indien hierdie beskouing sou seëvier").

Let wel; die eintlike apokriewe, d.i. die Pseudepigrapha, word deur Eusebius nie eens die moeite werd geag om onder die laaste groep genoem te word nie.

Van hierdie Pseudepigrapha (by name van die Evangelies van Thomas en van Mattias, Handelinge van Andreas en van Johannes) sê hy later: "Hulle moet daarom nie eers geag word onder die afgewese geskrifte nie, maar moet vermy word as geheel en al sleg en onheilig" (Kerkgeskiedenis III, 25).

Die res van die Vierde Eeu bevestig slegs die standpunt soos deur Eusebius gestel, met uitwissing van alle onsekerheid oor die sogenaamde "antilegomena".

## 3.2 Afsluiting

### 3.2.1 Aanloop

Die verskillende kanonlyste wat ons vanaf die einde van die 2e eeu in groeiende getal in die kerke vind, moet gesien word, nie alleen as pogings om te kom tot stabiliteit oor die presiese omvang van die Kanon nie, maar ook as 'n steeds duideliker bewuswording dat daar gekom moet word tot definitiewe afsluiting van die Kanon.

Die afronding van die Kanon, waaroor daar teen die begin van die 4e Eeu 'n groot mate van eenstemmigheid gekom het, moes dan ook logies uitmond in die offisiële afsluiting van die Kanon.

### 3.2.2 Afsluiting self

Dit gebeur, sover dit die Oosterse Kerk aangaan, in praktyk met Athanasius se 39e Paasfeesbrief (367 n.C.) aan die Oosterse kerke. Die offisiële afsluiting vind dertig jaar later plaas met die bekende besluit van die Konsilies van Hippo Regius en Karthago (393 en 397 n.C), waarin die 27 boeke van die Nuwe-Testamentiese Kanon opgenoem word, en hulle as finaal onderskeie van enige ander geskrifte aangedui word as die "Goddelike Geskrifte" waaruit in die eredienste onderrig moes word.

### 3.2.3 Die Rooms Katolieke Kerk – tog prakties 'n oop Kanon

Nieteenstaande die offisiële afgeslotenheid van die Kanon sedert die einde van die 4e Eeu, het die Rooms Katolieke Kerk sedert die Middeleeue in praktyk weer teruggeval na 'n oop-kanon-beskouing, en wel deur die toekenning van 'n goddelike gesag aan die Kerklike Tradisie soos beliggaam in die Pouslike Uitsprake wat "ex cathedra" (vanaf die troon) gespreek word, en wat nog steeds aangroei (bv. die uitspraak oor die hemelvaart van Maria in 19551).

### 3.2.4 Die Reformatoriese Kerke

Met sy verwerping van die gesag van die Kerklike Tradisie het die Reformasie in die 16e Eeu teruggekeer na die geslote Kanon van die 39 Boeke van die Ou Testament en die 27 Boeke van die Nuwe Testament, en dit is buite alle twyfel gestel deur dit so vas te lê in ons Belydenisskrifte (vergelyk die NGB artt. IV en VII).

# DEEL III: PRINSIPIËLE ASPEKTE

# HOOFSTUK 7: DIE GESAG VAN DIE BYBEL

(Ons verwys hier besonderlik na H.N. Ridderbos, 1955, Deel II).

Deur die eeue heen was daar diegene wat vanuit 'n ongeloofstandpunt dit hul taak gemaak het om die gesag van die Bybel te bevraagteken, af te kraak, te betwis. Ook in die teologie is dit 'n blywende verskynsel.

In die moderne tyd het die aanslag op die Skrifgesag nuwe afmetinge en nuwe vorme aangeneem. Terwyl opgrawinge en argeologiese navorsing van die afgelope honderd jaar keer op keer die historiese betroubaarheid van die Bybel herbevestig het, en die historiese kritiek van die 18e en 19e eeue grootliks tot swye gebring is, het, ironies genoeg, nou in kringe wat vroeër fel teen die Skrifkritiek gestaan het, 'n nuwe soort van openheid teenoor die beskouinge van die Skrifkritiek ontstaan. Besonderlik in gereformeerd Nederland het daar 'n nuwe modernisme sedert ±1960 ontstaan onder leidende teoloë soos Proff. H.M. Kuitert; G.P. Hartvelt; R. Schippers, dr. H. Wiersenga en dr. Tj. Baarda wat op uitdagende wyse van binne die gereformeerde kringe die standpunt van die gereformeerde Belydenis aangaande die gesag van die Bybel aanval.

Daarom is dit te meer akuut in ons tyd om ons weereens goed te verantwoord oor die getuienis van die Belydenisskrifte aangaande die Skrifgesag en om dit aan die Heilige Skrif self te gaan toets.

Ons let dan eerstens op die vraag: Watter gesag ken die gereformeerde Belydenis toe aan die Bybel?; en tweedens op die vraag: Watter gesag eis die Skrif vir homself op?

## *1. DIE GESAG VAN DIE BYBEL VOLGENS DIE GEREFORMEERDE BELYDENIS*

Terwyl die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls albei meermale oor die Skrif spreek en geen twyfel laat oor die goddelike gesag daarvan nie, is dit besonderlik die Nederlandse Geloofsbelydenis wat uitvoerig en sistematies handel oor die Skrif en sy gesag.

Ons vind dit in artikels 2-7 van die N.G.B.! (Van studente word 'n deeglike kennis van die inhoud van hierdie artikels verwag.)

Ten opsigte van die gesagsaspek vind ons veral drie punte sterk gestel:

### 1.1 Die Bybel is die geïnspireerde Woord van God.

Art. 3 handel besonderlik hieroor en stel:

**i. Gods Woord**

Die Bybel IS God se geskrewe Woord, waarin Hy Hom aan ons openbaar, bekendmaak:

"Hierdie Woord van God ..."; "Sy geopenbaarde Woord"; "Om die rede noem ons sulke geskrifte: Heilige en Goddelike Geskrifte".

**ii. Geïnspireerd**

Vir sy openbaring gebruik God wel menslike werktuie, t.w. die profete en apostels, maar Hy dryf of inspireer hulle deur die Heilige Gees, sodat hulle nie hul eie gedagtes nie, wat ook soms verkeerd en selfs sondig kon wees, maar alleen die wil en gedagtes van die Heilige Gees uitspreek: "... nie gestuur of voortgebring ... deur die wil van 'n mens nie, maar die heilige mense van God deur die Heilige Gees gedrywe, het dit gespreek ..."

**iii. Ook op skrif**

Hierdie inspirasie geld sowel die gesproke woord as die geskrewe woord sodat ons inderdaad kan en moet spreek van Heilige en Goddelike *Geskrifte* (dit word duidelik bely

teenoor die anabaptistiese of wederdoperse rigtinge van die reformatoriese tyd; en vandag teenoor sekere sektariese rigtinge met hul slagspreuk: "Die Gees maak lewend, en die letter maak dood"; asook teen die modernistiese teologie): "... die heilige mense van God, deur die Heilige Gees gedrywe, het dit gespreek ... Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid sy knegte die profete en apostels beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel; en Hy het Self met sy vinger die twee tafels van die Wet Geskrywe" (Art. 3).

*Konklusie:* Ons bely dus dat die Bybel, geskrywe deur mense van verskillende tye, agtergrond, geleerdheid (wat ook duidelik spreek in hul geskrifte), in die sin wel 100% 'n menslike boek is, maar deur die inspirasie van die Heilige Gees is God die eintlike outeur, en is die Skrif tegelyk en in die *eerste plek* 100% Goddelike Boek. Hierdie leer noem ons Organiese Inspirasie. Ons stel dit teenoor

a. die sogenaamde Meganiese Inspirasie-beskouing wat die menslike aktiwiteit eintlik uitskakel en die skrywers tot blote skryf masjiene reduseer – dus: 100% van God; 0% van die mens; en

b. die Skrifkritiese standpunt wat die Goddelike "drywing" minimaliseer en die Bybel hoofsaaklik as menslike boek wil beoordeel – dus enigiets vanaf 99% van God – 1% van die mens; 50% van God – 50% van die mens; tot 1% van God -99% van die mens; of eindelik 0% van God – 100% van die mens.

## 1.2 Die Bybel het absolute en onfeilbare gesag

Hier gaan dit oor die omvang van die Skrifgesag. Hieroor spreek veral artikels 4, 5 en 6 van die NGB.

**i. Onweerspreekbaar**

Art. 4 noem die boeke van die Bybel by name en sê: "Dit is die kanonieke boeke waar niks teen gesê kan word nie."

- "kanonieke boeke" – d.w.s. maatstafgewende, as reël geldende boeke.
- "waar niks teen gesê kan word nie" – d.w.s. hulle is *onbesproke en onweerspreekbaar.*

**ii. Volkome geloofwaardig**

Art. 5 sê: "En ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is."

- "Sonder enige twyfel" – d.w.s. *volkome geloofwaardig.*
- "alles wat daarin vervat is" – die hele Bybel het gesag – geen deel, hoe klein ookal, is "tydgebonde" of nie gesaghebbend nie.

**iii. Geheel eensoortig**

Art. 6 stel verder ook die *geheel eensoortigheid* van die gesag van die Bybelboeke: Dit sê: ander boeke, by name die 0u—Testamentiese Apokriewe "kan die Kerk wel lees en ook daaraan onderrig ontleen vir sover hulle ooreenstem met die kanonieke boeke, maar hulle besit geensins die krag en gesag ..."

## 1.3 Die gerigtheid (skopus) van die Skrifgesag

(N.B. Onderskei dit van *skopus van die Skrifinhoud)*

Die belydenis stel dit baie duidelik dat God sy Woord aan ons gegee het vir 'n bepaalde *doel.* Die *aard* van die Skrifgesag moet ons in die lig van die *goddelike doel* van die Woord sien.

God se *doel* met sy Skrifopenbaring, en daarom die gerigtheid of skopus van die Skrifgesag het drieërlei faset:

**i. God openbaar Homself aan ons sodat ons Hom sal verheerlik**

Dis die hoogste *doel* van die Skrif: die *eer van God.* Dis die primêre skopus of gerigtheid van die Skrifgesag: dit wil aan ons God self betroubaar en waaragtig bekendstel. Vgl. art. 2: "Ten tweede maak Hy Homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur sy heilige en Goddelike Woord, soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer ..."

**ii. God maak in die Skrif sy wil aan ons bekend as reël vir ons lewe op aarde, sodat ons Hom reg kan dien**

God wil met sy Woord nie alleen sê *wie* Hy is en *dat* ons Hom moet eer nie, maar sy Woord het ook ten doel om te sê *wat sy wil* is en *hoe* ons Hom dus moet dien.

Dis die *verdere* gerigtheid of skopus van die Skrifgesag: dit het *gesag* as volmaakte reël en maatstaf vir 'n Godewelgevallige lewe.

Vgl. Art. 5: "... om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig".

Vgl. Art. 7: "Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat ... die wyse waarop God deur ons gedien moet word, (is) daarin geheel en al en uitvoerig beskrywe ..."

**iii. God wil aan ons daarin die weg tot die ewige lewe bekend maak**

God moet nie alleen in hierdie lewe nie, maar tot in ewigheid geloof en geprys word, en daarom het die Skrif as *derde doel:* om ons die weg tot ewige saligheid bekend te maak.

Dit is die derde aspek van die skopus of gerigtheid van die gesag van die Skrif: die Skrif alleen wys die betroubare en ware weg tot die saligheid. *Vgl. art. 2:* "... tot sy eer en die saligheid van wie aan Hom behoort". *Vgl. art. 7:*

> "Ons glo... dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarin genoegsaam geleer word."

*Konklusie:*

Die Bybel as gesaghebbende Woord van God is aan ons gegee nie om ons 'n 1001 wetenswaardighede mee te deel nie; nie om honderde jare vooruit allerhande uitvindsels van die mens te voorspel nie; nie om bloot-wetenskaplike gegewens te verstrek nie.

Vanuit die doel van die Skrif en die gevolglike skopus of gerigtheid van die Skrifgesag, blyk dit dat die Bybel aan ons nie gegee is as, en deur ons nie gesien mag word as 'n wetenskaplike handboek (bv. oor die ouderdom van die aarde of van die mens) nie.

Andersyds mag egter nooit gesê word dat die wetenskap, of die kuns of sport of politiek neutrale gebied is waaroor God se Woord niks te sê het nie: Ons belydenis stel dit immers dat God Hom gesaghebbend in sy Woord so openbaar dat Hy geëer moet word as die God van die hele skepping; en ook dat God in sy Woord sy *wil* openbaar as re'él, as beginsel vir ons lewe hier en nou en in *al* die fasette daarvan.

# *2. DIE GESAG WAT DIE BYBEL VIR HOMSELF OPEIS*

Ons toets vervolgens die kerke van die Hervorming se Belydenis oor die Skrifgesag kortliks aan die uitsprake van die Skrif self.

## 2.1 Dat dit die Geïnspireerde Woord van God is

### i. Dat dit God is wat spreek in Ou en Nuwe Testament

* Kardinaal vir die Goddelikheid van *die hele Skrif* is Hb. 1:1: "Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun".

* Getuienis t.o.v. die drie dele van die Ou Testament:

*Vir die Tora:*

Eks. 20:1: "Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê ..."

*Vir die Profete:*

Jr. 1:4-9: "Die woord van die Here het dan tot my gekom en gesê ... (vs.4) ... Toe het die Here sy Hand uitgestrek en my mond aangeroer; en die Here het vir my gesê: Hiermee lê Ek my woorde in jou mond" (vs. 9).

*Vir die Geskrifte:*

Ps. 50:1: "Die God van die gode, die Here spreek en roep die aarde ..."

* Getuienis t.o.v. die Nuwe Testament:

Op. 1:1-3: "Die Openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het, wat getuig het van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus... Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, ... en bewaar wat daarin geskrywe is."

**ii. Dat dit wel mense is wat skryf, maar die Heilige Gees wat inspireer en deur hulle spreek**

*** T.o.v. die Ou Testament**

Hd. 1:16: "Broeders, hierdie Skrif moes vervul word wat die Heilige Gees voorspel het deur die mond van Dawid ..."

*** T.o.v. die Nuwe Testament**

*Paulus:* I Kor. 14:37: "As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, bevele van die Here is."

*Petrus:* II Pt. 1:21: "... want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek." (Vgl. weer art. 3 NGB).

*Johannes:* Op. 2:7: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees *aan* die gemeentes sê."

iii. Die inspirasie geld nie net die gesproke woord nie, maar óók die geskrewe woord

* T.o.v. die hele Skrif: II Tm. 3:16: "Die hele Skrif is deur God ingegee ..."

## 2.2 Dat die Bybel absolute en onfeilbare gesag het

*** T.o.v. die Ou Testament**

(Vgl. hieroor Deel II Hoofstuk 5 , Die Geskiedenis van die erkenning van die Kanon, punt 2.3, Die Getuienis van die Nuwe Testament).

*Drie Skrifgetuienisse* oor die Ou-Testamentiese gesag:

i. Wat die Ou Testament sê; is vir Jesus absoluut geldend en beslissend -Mt. 4:4, 7, 10: "Daar staan geskrywe".

ii. Die Ou-Testamentiese Woord is ewig-geldend. Mt. 5:17. "Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul."

iii. Die Ou-Testamentiese Woord is onverbreekbaar. Jh. 10:35: "... en die Skrif nie gebreek kan word nie."

*** T.o.v. die Nuwe Testament**

Weer gee ons net drie Skrifgegewens:

i. Die Evangelie van Jesus Christus is absoluut enig en uniek – *niks* mag daarnaas of in die plek daarvan gestel word nie. Gl. 1:6-8:

"Ek verwonder my dat hulle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie ...

Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees." (Vgl. weer art. 6 NGB).

ii. Die Evangelie-Woord is absoluut betroubaar en onomstootlik vas:

II Pt. 1:16-19: "Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit ... En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee ..." (Vgl. weer art. 4 NGB).

iii. En dit geld elke woord van die Skrif – *niks* daarvan mag geïgnoreer of verwerp word nie; niks mag bygelas word nie:

Op. 22:18-19: "Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van hierdie profesie hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is." (Vgl. weer art. 5 NGB).

Hierdie laaste Skrifwoord is uiters belangrik: dit is wel streng gesproke net uitgespreek t.o.v. die Openbaringboek self – maar dit is deur God so gewil dat met hierdie woorde *die hele Bybel,* sy ganse openbaring afsluit – die slotwoorde van die Heilige Skrif – en daarom kan met reg gesê word: dit geld vir die hele Skrif. (Vergelyk hierby ook Hf. 10, 3.2 iv ).

## 2.3 Oor die gerigtheid of skopus van die Skrif en van sy gesag

Die Skrif self laat by ons geen twyfel oor die besondere oogmerk, doel, skopus waarvoor God Homself in sy Woord aan ons geopenbaar het nie. Dit blyk dat die Nederlandse Geloofsbelydenis ook hierin die Skrif net getrou nagepraat het:

### i. Sodat die eer van God mag skitter en ons Hom sal verheerlik

Es. 3:10-12: Hier word Esegiël tot profeet geroep om die Woord van God na sy volk te neem. Hy moet alles wat hy van God hoor, uitspreek. En dan is die heel eerste woorde wat hy hoor: "Geloofd sy die heerlikheid van die Here uit sy woonplek."

Jh. 17:4 en 8: Jesus is van die Vader gestuur om Gods Woord volkome aan ons te openbaar. Aan die einde van sy lewe op aarde stel Hy dat Hy die hoogste doel of skopus van sy sending bereik het: "Ek het U verheerlik op die aarde ... Want die woorde wat U my gegee het, het Ek aan hulle gegee ..."

Rm. 11:33: Hier besing Paulus die wonder en betekenis van die Godsopenbaring: "o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! ... Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen."

### ii. Die Skrif gegee en gesagvol as rigsnoer vir ons hele lewe op aarde

*Ou Testament*

Die hele Psalm 119 – Vgl. veral 119:99-105: "Ek is verstandiger as al my leermeesters, want u getuienisse is my bepeinsing ... U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."

*Nuwe Testament*

Baie belangrik, ook in hierdie verband, is weereens II Tm. 3:15-17:

"... Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."

Hier veral blyk onteenseglik hoedat die Skrif *gerig* is op die *hele* aardse lewe van die mens in *al* sy fasette, en gesaghebbend daarop beslag lê om die gelowige toe te rus om

sy God in *al* sy doen en late te kan dien, sonder dat dit 'n handboek vol wetenswaardighede vir die wetenskap wil wees.

**iii. Sodat ons die weg tot die saligheid mag ken en die ewige lewe mag beërwe**

Weer II Tm. 3:14-15: "Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus."

Jh. 20:30-31: "Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie, maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die *ewige lewe* kan hê in sy Naam."

let wel. Johannes kon ons baie ander wetenswaardighede van Jesus vertel het, baie dinge waaroor ons nuuskierig is in verband met Jesus vertel het, maar dit is nie die skopus van die Skrif nie; die skopus is om ons *gesagvol* te verkondig dat Jesus die Christus en Seun van God is, sodat ons deur in Hom te glo die ewige lewe kan hê!

# HOOFSTUK 8: DIE FUNDERING VAN DIE GESAG VAN DIE KANON

## *Inleidend*

Die bedoeling van die tema van hierdie hoofstuk moet duidelik onderskei word van die van die voorafgaande hoofstuk.

In hoofstuk 7 is gevra: Watter gesag het die Bybel volgens die gereformeerde Belydenis, en is dit in ooreenstemming met die gesag wat die Bybel vir homself opeis?

Nou gaan dit om 'n volgende vraag: Op grond waarvan kan en móét gesê word dat die Boeke van die Bybel wat tog deur *mense* geskryf is inderdaad die geïnspireerde Woord van God is? Waarin fundeer die Skrif self sy onbetwisbare gesag? Konkreet gestel: Die drie-enige God woon in die onsienlike hemele, en ons het hier op aarde die Bybelboeke, geskrywe deur mensehande – wat is dan die ononderbroke, onlosmaaklike band tussen God in die hemel en die Bybel in ons hand, sodat ons mag weet: hier het ons die Kanon van God?

Aangesien die Nuwe Testament daar is om borg te staan vir die gesag van die Ou Testament, konsentreer ons op die meer problematiese: *Waarin rus die gesag van die Nuwe Testament?*

## *GOD AS KANON*

(of: God as hoogste Norm, as gesaghebbende Maatstaf)

### 1.1 God is die enigste en ware Kanon vir die ganse Skepping

Dit wil sê: As Skepper en Onderhouer van hemel en aarde is Hy die Hoogste Wetgewer; sy wil is die absolute norm en maatstaf (=kanon) vir hierdie wêreld. Hy lê die wette, reëls en norme neer, en aan Hom alleen is alles en almal finaal verantwoording verskuldig. Vergelyk Rm. 11:33-36!

#### 1.2 God openbaar Hom as Absolute Kanon

God is wel die onsienlike God, en tog verberg Hy nie Homself en sy wil vir die mense nie. Hy openbaar Hom genadiglik sodat die mense sy wil kan ken en Hom as Hoogste Kanon sal erken.

Reeds in die skepping (natuur en geskiedenis) openbaar God Hom as Absolute Kanon – vgl. Rm. 1:20-21 en Ps. 19:2-7.

Maar besonderlik openbaar God Hom as Absolute Kanon in en deur sy Woord -

vgl. Rm. 2:17-23 en Ps. 19:8-12.

Daarom is sy Woord *wet* vir hierdie wêreld – Mt. 4:4, 7, 10.

### 1.3 God openbaar sy wil volkome in Jesus Christus

Jesus Christus is die vleesgeworde Woord (Jh. 1:1-4). Dit wil sê: In Hom is alles wat God gesaghebbend gesê, beveel, gewil het, vervul. In Hom het God Homself en sy wil en wet (sy kanon) volkome geopenbaar en verwerklik op aarde. Vgl. Hb. 1:1; Jh. 1:17-18.

# *2. CHRISTUS AS KANON*

(of: Jesus Christus as hoogste Norm; as gesaghebbende Maatstaf)

## 2.1 Jesus verkondig Homself as Kanon

In en deur sy ganse optrede verkondig Jesus dat Hy die gesaghebbende van die Vader is. Hierby is veral drie sentrale motiewe in Jesus se prediking van groot belang.

### 2.1.1 Die Apostel- of shaliach-motief

Die woord apostel is afkomstig van die Griekse werkwoord apo-stello, wat beteken: uitstuur as gesant. "Apostel" beteken dus: gesant, ambassadeur, amptelike verteenwoordiger. 'n Apostel is 'n gevolmagtigde gesant wat nét, maar ook wél, aan sy sender verantwoording verskuldig is.

In Hebr. 3:1 word Jesus uitdruklik die groot Apostel van God genoem.

En so spreek Jesus ook gedurig oor Homself waar Hy van sy gesag wil praat – vgl. o.a. Jh. 5:19-30; Jh. 5:36-38; Jh. 6:38-40 en Lk. 4:18, 43.

Dit verleen 'n absolute gesag aan wat Hy sê en doen: Hy kom nie op menslike gesag, of op eie gesag nie. Hy kom op gesag van sy hemelse Sender. Hy spreek en doen as ambassadeur wat die Hemelkoning Hom beveel het.

Die krag van hierdie motief blyk nog nader as ons die laat-Joodse agtergrond van die uitdrukking in ag neem, t.w. die begrip shaliach.

'n Shaliach was by Israel die amptelike regsverteenwoordiger van 'n persoon: kan 'n persoon nie self in die hof verskyn nie, stuur hy iemand in sy plek om namens hom te praat. So 'n persoon se teenwoordigheid geld vir die teenwoordigheid van persoon wat hom gestuur het – dis so goed asof daardie persoon self in die hof is. Hierdie gesondene heet in Hebreeus: shaliach.

So tree Jesus dan op as shaliach of apostel van God. Hy het volmag, kanongesag om namens die Vader te spreek en te doen op aarde.

### 2.1.2 Die Godswoord-motief

Dit vloei logies voort uit die voorafgaande. Maar dit kom ook uitdruklik na vore in Jesus se prediking.

Gedurig kom Hy met die aanspraak: Ek spreek nie wat Ek self wil nie, maar my woorde is die Woord van my Vader in die hemel. Daarom is sy woorde ook onverganklik en gesaghebbend, uitdrukking van die Goddelike wil of kanon -vgl. o.a. Mt. 24:35 en veral Jh. 12:47-50 en Jh. 17:8.

### 2.1.3 Die Eksoesia-motief

*Eksoesia* is die Griekse woord vir "gesag", besonderlik dan "koninklike gesag".

By herhaling eis Jesus vir Homself in woord maar ook in daad naas sy ambassadeursgesag ook *koninklike* gesag, eksoesia, op. Die Vader het meer gedoen nog as om sy Seun *namens* Hom te stuur. Hy, die Seun, is self God en het daarom self die koninklike gesag. Vergelyk o.a. Mt. 9:3-6; Mt. 11:27; Jh. 5:27.

So herken en erken die gewone volk dit ook! – Mt. 7:28-29; Mk. 1:22.

## 2.2 Jesus openbaar Hom in sy dade as Kanon – as die Een met Goddelike gesag en heerlikheid

a. Hy getuig dit self van sy tekens: Mt. 9:6; Mt. 12:28 (N.B.)

b. Die skare herken en erken dit – Lk. 4:36; Mk. 1:27.

## 2.3 Jesus lei sy apostels daartoe om Hom en sy woorde as Kanon te

**aanvaar,**
want hulle móét kom tot herkenning en tot erkenning van sy kanongesag, sodat hulle dit ook weer kan uitoefen op sy gesag.

- Mt. 16:17 – Jh. 6:68-69 – Jh. 1:14 – Jh. 2:11

# *3. DIE GESAG VAN DIE APOSTOLAAT*

## 3.1 Die kernvraag oor die fundering van die gesag van die Nuwe Testament.

- Is daar 'n ontwyfelbare en ononderbroke band tussen Jesus en die Skrifte van die Nuwe Testament?

Met ander woorde: Het Jesus, toe Hy teruggekeer het na sy Vader iets van sy Kanonskap, van sy <u>eksoesia</u> (gesag) deurgegee aan sy kerk?

*Antwoord:* Ja, in die unieke, eenmalige posisie van die Apostolaat.

## 3.2 Christus handhaaf Homself as Kanon ook na kruis en hemelvaart

a. Juis deur sy opstanding verkry Hy *volle koninklike gesag (eksoesia)* oor hemel en aarde – Mt. 28:18.

b. Na hemelvaart sit Hy self sy volmagswerk op aarde voort – Hd. 1:1.

c. Hy doen dit nou *deur* menslike werktuie

   - wat Hy tydens sy lewe *geroep* het;
   - wat Hy voor sy hemelvaart *uitgestuur* het.
   - wat Hy kort na sy hemelvaart *toegerus* het met krag deur die Heilige Gees.

In hierdie drieërlei daad van Jesus met sy apostels, t.w. roeping, uitsending, toerusting, lê die unieke gesagsposisie van die apostolaat opgesluit.

## 3.3 Die betekenis van die roeping van die apostelkring

Dit val saam met die begin van Jesus se Messiaanse werk! Dit volg direk na sy salwing as Messias by sy doop, en voor Hy in die openbaar begin optree.

Dus: sy Goddelike apostolaat begin Hy deur die roeping van sy *eie* latere apostels.

Die betekenis hiervan blyk veral uit Markus 3:13-14.

Wat Jesus dus hier doen:

a. Hy roep na Homself toe – verbind die mense aan Homself vir 'n taak.

b. Hy stel Twaalf aan – stel hulle amptelik in sy diens.

c. Sy doel met hulle:

   i. "om saam met Hom te wees" – gedurige getuies van sy woorde en dade.

   ii. "sodat Hy hulle kon uitstuur" (apostel/lo) – sodat hulle sy gemagtigde gesante kon word.

   iii. "om te verkondig" – sterker: om as koningsheroute te proklameer, dat Hy Koning is van die wêreld en gesag het daaroor.

## 3.4 Die betekenis van die uitsending van die apostels

Hiermee gee Jesus aan die apostels 'n sekere aandeel aan sy Goddelike sending:

Jh. 17:18: "Soos U my gestuur het (apostello) in die wêreld, stuur ook Ek hulle

(apostello) in die wêreld."

Jh. 20:21: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."

Hiermee word die direkte gesagsband vanaf God as absolute Kanon, deur Jesus Christus as Kanon gelê tot by die apostolaat en hulle prediking. Hulle gaan uit om te getuig van sy Sender – die Drie-enige God! Vgl. veral ook die Sendingbevel: Mt. 28:18-20.

### 3.5 Die betekenis van hulle toerusting

i. Jesus stuur nie net apostels uit om te getuig nie, maar gee hulle ook 'n deel van sy koninklike mag (eksoesia) – Mk. 3:14-15: hulle ontvang gesag (eksoesia) om duiwels uit te dryf, siekes te genees, ensovoorts.

ii. Maar meer nog: Hy rus hulle bo-al toe met die *Heilige Gees,* wat hulle bekwaam sal maak vir hulle werk, om waarlik betroubare getuies van hulle Sender en sy Goddelike woord te wees.

   Jh. 20:21-22: Sodra Hy hulle as gesante finaal voor sy hemelvaart uitstuur, blaas Hy op hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees." Dit sien nog profeties op die uitstorting op die Pinksterdag. Lk. 24:49 en Hd. 1:8: Hulle mag nie uitgaan *voor* hulle toegerus is met die krag van die Heilige Gees nie.

iii. Hulle gesag lê nie in hul eie persoon nie, maar in die gesaghebbendheid van hulle woorde as die woord van die Gees van Christus.

   Jh. 14:26 en/of Jh. 16:13-15:

   Die toerusting met die Heilige Gees gee krag en gesag besonderlik aan hulle woorde. Hulle sal spreek onder inspirasie en verligting van die Heilige Gees – dus: hulle woorde sal wees Gods Woord;

## *4. DIE NUWE-TESTAMENTIESE GESKRIFTE AS KANON*

Was die gesag van die apostolaat net beperk tot hulle *mondelingse* getuienis, of is ook die neerslag van hul prediking op skrif met gesag van Christus beklee?

Van sektariese kant word bv. dikwels 'n beroep gedoen op die skrifwoord: "Die letter maak dood, maar die Gees maak lewend". (I Kor. 3:6).

Mag dit toegepas word op die Skrifte van die Nuwe Testament, asof Jesus Christus self geen geskrewe kanon gewil het nie?

### 4.1 Die getuienis van die apostels

Die apostels eis dieselfde gesag vir hul *geskrewe* woorde as vir hulle mondelinge prediking:

* Paulus – I Kor. 14:37
  I Th. 5:27
  II Th. 3:14-15.

* Petrus – II Pt. 1:16-21
  II Pt. 3:15-16: Hier word die briewe van Paulus met 'n "soos ook:" gelykgestel met "die ander Skrifte" waarmee ongetwyfeld die Ou Testament bedoel word. Van beide geld: wie hulle verdraai, erf die verderf.

* Johannes - Jh. 20:30-31
  I Jh. 2:7-8
  Op. 1:1-3

### 4.2 Jesus wil self ook 'n skriftelike kanon!

Dit is beslissend.

Op. 1:11: Die *eerste* woorde van Christus as Hy verskyn aan Johannes t.w.v. sy kerk is: "Skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit aan die sewe gemeentes ... (Sewe-getal van die heilige volheid – simbolies vir hele kerk.)

Jesus self laat briewe skryf aan sy gemeentes (Op. 2-3).

Op. 22:6-7:

Op. 22:18-19 – Die *laaste* woorde van Christus se openbaring!

## 5. SLOTSOM

Ons het dus bevind dat die Nuwe Testament self aan ons die fundering van sy Goddelike gesag openbaar: dit lê in die openbaringsgeskiedenis self ingebed; te wete in die onlosmaaklik historiese lyn wat deurloop:

– vanaf die gesaghebbende Drie-enige God;

– *deur die gevolmagtigde sending van sy Seun as die* Woord;

– deur die gesag van die apostels as ambassadeurs om die Woord van Christus te proklameer;

– tot by die Godgegewe opdrag om ook neer te skryf in boeke dit wat God *in en deur sy Seun "in hierdie laaste dae"* (Hb. 1:1) gespreek het.

# HOOFSTUK 9: DIE ERKENNING EN OMVANG VAN DIE KANON IN DIE KERK -PRINSIPIEEL BESIEN

## *1. DIE VRAE WAT NOU AAN DIE ORDE KOM*

Die Christelike kerke besit vandag die 27 kanonieke boeke van die Nuwe Testament, wat saam met die Ou Testament erken word as die Kanon van God, die gesaghebbende Woord van God.

Die prinsipiële vrae wat nou aan die orde kom, is die volgende:

i. Het die *Kerk* die Kanon tot Kanon gemaak?

Dit wil sê, die feit dat hierdie 27 boeke as gesaghebbende Nuwe-Testamentiese Woord van God geld in die kerk, is dit die werk van kerklike vergaderinge? Is dit besluite van Konsilies en Sinodes wat aan die Nuwe-Testamentiese Kanon gesag verleen het, en die gesag daarvan waarborg?

ii. Kan en mag daar *maatstawwe* aangelê word vir die bepaling van die kanonisiteit van bepaalde Nuwe-Testamentiese boeke?

Dit wil sê, kan ons en mag ons objektiewe bewyse gaan probeer vind dat hierdie boeke wel die Kanon van God is?

Ons praat in die verband gewoonlik van: *notae canonicitatis,* d.w.s. merktekens of bewyse vir kanonisiteit.

## *2. WIE MAAK DIE KANON TOT KANON?*

Ons het by ons historiese ondersoek die proses van die kanonerkenning in die loop van die eerste 4 eeue na Christus gevolg tot by die offisiële erkenning op die Konsilies van Hippo Regius en Kartago.

Ons bevinding was dat die vroeë kerke eintlik *nooit sonder* 'n Nuwe-Testamentiese Kanon was nie – al was dit aanvanklik nog nie in sy volle afgeronde vorm nie. Die kerk het dus 'n gesagvolle Nuwe Testament gehad en as sodanig *gebruik* lank voor kerklike vergaderings daaroor enige amptelike besluite geneem het.

Dit was dan ook die uitgesproke houding van die kerk teenoor die Kanon, dat die kerk nie die Kanon *gemaak* het nie, maar dit slegs *ontvang* het, dit nie kanoniek *verklaar* het nie, maar dit net herken het en erken het vir wat dit insigself *was.*

So het ook die kerke van die Hervorming dit ondubbelsinnig vasgelê in hul belydenis: "net al hierdie boeke *neem ons aan* as heilig en kanoniek" (NGB art. 5). Dit wil sê ons bely (art. 3 NGB) dat God die boeke gesaghebbend *gegee* het, en dat ons niks anders doen nie as om hulle uit Gods hand aan te neem nie.

So móét dit tog wees: God sélf is tog die Absolute Kanon, die Gesaghebbende. Daarom kan Hy alleen Skepper wees van die Kanon – dit is en bly God se Woord. *God alleen kanoniseer, die mens kan net ontvang en bely'.*

## *3. IS DAAR ENIGE GELDIGE NOTAE CANONICITATIS VIR DIE 27 BOEKE VAN DIE N.T.*

Uit ons historiese ondersoek het geblyk dat die Kerkvaders vanaf die laat 2e eeu, in reaksie op Marcion se aanslag op die kanon, begin soek het na gronde en bewyse, uitwendige merktekens vir die kanonisiteit van die Nuwe-Testamentiese boeke.

Ook in moderne tye word gepoog om uitwendige notae canonicitatis te vind, wat die gesag van die Bybelboeke waarborg en aantoon.

Ons moet egter *elke* bewys van kanonisiteit wat van *buite* die Skrif self op die boeke van die Bybel toegepas word, prinsipieel afwys.

Die *drie* vernaamste bewyse vir kanonisiteit van die ou Kerkvaders, t.w.

i. apostoliese outeurskap;

ii. hoë ouderdom van die geskrif;

iii. die feit dat die boek altyd deur die kerk in ere gehou is, mag nie as norme en bewyse erken word dat hulle inderdaad God se Woord is nie.

So verwerp ons ook die *Rooms Katolieke* standpunt

iv. dat die gesag van, die *kerk* die suiwerheid en gesag van die kanon waarborg. Die Bybel sou dan Kanon wees omdat die Kerk dit so verklaar het. Die besluite van die kerklike Konsilies sou dan as *onfeilbaar* geoordeel het. Hier word die kerk voor die Heilige Skrif geplaas as moeder van die Skrif. (Vgl. hier NGB, art. 5).

Ook die volgende moderne sg. notae canonicitatis is onaanvaarbaar:

v. Alleen dit is kanoniek wat die *mens* as sodanig ervaar en *kan* aanvaar. Dit is die sogenaamde aktualistiese kanonbeskouing.

vi. Die buitengewone sorg van God. Ook moet afgewys word dat sodanige faktor te vinde sou wees in 'n buitengewone sorg van God *(providentia spesialissima Dei).* Die sorg van God ten opsigte van die erkenning van die kanon kan nie ontken word nie net soos wat sy voorsieninge bestel oor alle dinge nie ontken kan word nie, maar daarin lê nie die grond vir die aanvaarding van die kanon nie. Dit is 'n te simplistiese oplossing om met verwysing na 'n besondere leiding van God die geskiedenis van die kanon-proses te verklaar. God het gesorg, maar dit kan nie as objektiewe *bewys* geld nie.

Waarom moet al hierdie sogenaamde *notae canonicitatis* prinsipieel verwerp word? Omdat hulle *almal* bewyse, en/of maatstawwe is wat die *mens* gaan aanlê van *buite* die *skrif* self. D.w.s. *aposteriori* – (van agter af neergelegde) maatstawwe.

Met ander woorde Gods Woord spreek nie meer vir homself nie. Die *mens* lê maatstawwe aan om die Skrif te beoordeel, terwyl die Skrif juis deur God gegee is as die hoogste *maatstaf* vir *ons.'* Die mens gaan sit op die regterstoel en wil oordeel oor die Skrif – en dit kán nie en mag nie.

## *4. DIE ENIGSTE GELDIGE GROND VIR DIE ERKENNING VAN DIE KANON*

Hang die geloof in die absolute en onfeilbare gesag van die Skrif – dat dit die betroubare Kanon van God is, dan eenvoudig in die lug? Kan daar dan *geen* gronde vir ons erkenning van die kanon aangedui word nie? Inderdaad tog wel!

Die NGB Art. 5 stel dit baie duidelik soos volg:

"Net al hierdie boeke neem ons aan as heilig en kanoniek ... En ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin bevat is; en dit nie juis omdat die Kerk hulle aanneem en as sodanig beskou nie, maar insonderheid *omdat die Heilige Gees in ons harte getuig* dat hulle van God is; *en omdat hulle ook die bewys daarvan is hulleseIf het,* aangesien die blindes self kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel is."

Hier word dus *twee geloofsgronde* vir die erkenning van die kanon bely:

i. Die getuienis van die Heilige Gees in ons harte *(Testamonium Spiritus Sancti );*

ii. Die selfgetuienis van die Heilige Skrif *(Autopistia).*

Hier moet egter baie goed daarop gelet word dat beide geen notae canonicitatis is nie, d.w.s. geen *aposteriori-toetse* wat die mens in gevalle van twyfel kan aanlê om kanonisiteit te bewys nie. As voorbeeld noem ons: as iemand *twyfel* aan die kanonisiteit van die Evangelie van Johannes kan hy nie met die vraag: "maar wag, kom ons stel vas wat die Heilige Gees nou hieroor getuig", uitsluitsel kry nie. Die Heilige Gees tree nie vir

die twyfelaars op as "skeidsregter" nie.

Nee, soos NGB art. 5 sê: "ons *glo* sonder twyfel" omdat die Gees dit getuig.

M.a.w.: die Heilige Gees se werking in die hart, laat ons onvoorwaardelik glo! Hy werk *by die hoor en/of lese* van die boeke van die Bybel, die onmiddellike *geloof* dat God hier aan die woord is.

En let wel: dit gebeur nie maar uit die niet nie! Maar dit gaan saam met die *lese en/of hoor* van die Skrif: want God se Woord getuig vir homself. Die Woord moet *geglo* word of nie geglo word nie. By die *lese en/of hoor* dus van die betroubare, gesagvolle Woord werk die Gees ook in ons harte die *geloof* dat hierdie boeke inderdaad die gesag het wat hulle vir hulle self opeis. Die selfgetuienis van die Skrif en die getuienis van die Heilige Gees in die hart vorm dus 'n onlosmaaklike eenheid: hulle vorm tesame die getuienis van God *self* op grond waarvan ons *glo* in die Bybel as sy Woord.

Vergelyk Mk. 1:22, Jh. 6:60, 68; Jh. 12:47, 48; Rm. 10:14-15. Veral moet gelet word op Jh. 20:31: Wat doen Johannes as die mense nog nie wil gló nie? Hy verkondig opnuut die *inhoud* van die Evangelie. Dieselfde vind ons in Lk. 1:4: As Theofilus nog nie volle sekerheid kan kry oor "die dinge waarin hy onderrig is" nie, verkondig Lukas aan hom opnuut die Evangelie!

## *6. SLOTSOM*

Daar is dus *geen aposteriori-bewyse,* d.w.s. van buite af toepasbare menslike maatstawwe, objektiewe bewyse vir die gesag van die Bybel nie. Daar kan vir niemand wetenskaplik of teoreties *bewys* word dat die Bybel Gods Woord is nie. Daar is slegs die één *a priori-grond,* d.w.s. *vooraf*-gegewe, Godgegewe grond vir die erkenning van die Kanon, naamlik: *die geloof wat die Heilige Gees in ons harte werk by die hoor en/of die lese van die Bybel,* waardeur die Selfgetuienis van die Woord gelowig omhels word.

Met ander woorde die Skrif self is en bly *die* Kanon – die enigste maatstaf vir die hele geloof. Ons kan nie maatstawwe neerlê waaraan ons toets of iets Gods Woord is nie. Die Skrif self getuig: hier is Gods Woord – en die Gees lewer dieselfde getuienis in ons harte. Die mens kan hierdie kanonieke getuienis slegs *glo* of nie.

# HOOFSTUK 10: 'N GESLOTE OF 'N OOP KANON?

(Hier is veral art. 7 NGB belangrik.)

## *1. INLEIDEND*

Uit die historiese ondersoek na die afsluiting van die Ou-Testamentiese Kanon het ons gevind dat die Judaïsme, hoewel hulle met die besluit van Jamnia, ±90 n.C., formeel 'n afgeslote kanon aanvaar het, wat ooreenkom met ons Ou Testament, tog in praktyk en prinsipieel 'n oop kanon daargestel het deur hulle gesagtoekenning van die rabbynse Skrifverklarings en wetsbepalinge.

Ook het ten opsigte van die Nuwe Testament geblyk dat terwyl die Vroeë Kerk met die besluite van die Konsilies van Hippo Regius en Kartago gekom het tot offisiële afsluiting van die Nuwe-Testamentiese Kanon, die Rooms Katolieke Kerk soos dit in die Middeleeue ontwikkel het, die Nuwe-Testamentiese Kanon in praktyk en prinsipieel weer oopgestel het, deur die gesagstoekenning aan die kerklike tradisie, besonderlik die pouslike uitsprake.

## *2. DIE REFORMATORIESE BELYDENISSTANDPUNT*

Van belang is hier veral:

- NGB Art. 4 – Vaste getal
- NGB Art. 5 – Uitsluitlike gesag
- NGB Art. 7 – Prinsipiële verdediging en stellingname.

Die Kerke van die Hervorming het van die heel begin van die Hervorming af duidelike standpunt ingeneem teenoor die Rooms Katolisisme se prinsipieel ope Kanon, waardeur die mensewoord van die kerklike tradisie op een lyn met of selfs bo die Skrif gestel is.

Dit word baie duidelik beliggaam en die Nederlandse Geloofsbelydenis: In *artt. 4 en 5* word die feit van 'n geslote Kanon uitdruklik gestel: "Hulle getal (d.i. die Kanonieke Boeke se getal) in die Kerk van God is as volg" -Art. 4. Hier word dus 'n vaste, gegewe getal boeke van die Kanon bely. "Net al hierdie boeke neem ons aan as heilig en Kanoniek" – Art. 5. Hier word die besliste beperking van die omvang van die Kanon andermaal gestel. Art. 7 is 'n prinsipiële uiteensetting van die belydenis van 'n geslote Kanon:

1 *ens* word naamlik die genoegsaamheid van die Skrif gestel. "Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarin genoegsaam geleer word." Daar is dus *niks meer nodig* nie.

2 *ens* word met sinspeling op Gl. 1:6-9 en Op. 22:18-19 die *uniekheid* van die Skrifevangelie gestel, waarby of waarteenoor geen mens iets durf byvoeg of daarvan afneem nie! " ... is dit geen mens, al was dit ook die apostels, geoorloof om anders te leer nie ... ja al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê ... Want omdat dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat..." Daar *kán* dus niks daaraan gelyk wees nie.

3 *ens* Word dan op grond van 1 en 2 duidelik gestel dat geen vorm van menslike oorweginge gesaghebbend naas die Bybel gestel mag word nie:

a. geen geskrifte van mense nie;

b. nie die gewoonte nie (d.i. ussansie in die kerk, of tradisie of mode);

c. nie kerklike besluite nie – d.w.s. besluite wat sonder die Woord of teen die Woord in geneem is. (Hiermee word nie die gesag van die kerklike vergaderinge betwis *wat op grond van die Woord* besluit het nie. (Vgl. immers Hd. 15:28!)

Daar *mág* dus niks daaraan gelyk gestel word nie.

## *3. SAMEVATTING VAN DIE VERNAAMSTE GRONDE VIR DIE GESLOTENHEID VAN DIE KANON*

Die belydenis moet uiteraard kort en saaklik wees. Mens sou dus wel meer gronde kan aanstip vir die geslotenheid van die Kanon as wat in die NGB staan.

Die vernaamste gronde kan soos volg geformuleer word:

### 3.1 Ten opsigte van die Ou Testament

Hier geld een beslissende grond: Die Ou Testament het met die aanbreek van die Nuwe Bedeling met die koms van Christus sy Godbepaalde afsluiting gevind.

Motivering vir die stelling:

i. In Jesus Christus het die boeke van die Ou testament hulle vervulling gevind, d.w.s. hulle volle doel bereik en so tot sinvolle afsluiting gekom. Vgl. Jh. 5:39: "Julle ondersoek die Skrifte omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is die wat van My getuig."

ii. In Jesus Christus is die tyd van die Ou Verbond vervul, en het die tyd van die Nuwe Verbond aangebreek (let wel: Verbond en Testament beteken t.o.v. die Skrif dieselfde). Vgl. o.a. Mt. 26:8; I Kor. 11:25.

    So spreek Paulus dan ook inderdaad al van die Wet en Profete of Joodse Tenach as "die Ou Testament", 1 Kor. 3:13: "Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament ..."

iii. Die Nuwe Testament spreek van die Godspraak van die Ou Testament in die *voltooide* tyd.

    Hb. 1:1: *"Nadat* God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun."

### 3.2 Ten opsigte van die Nuwe Testament

Mens sou argumente ten gunste van die geslotenheid van die Nuwe-Testamentiese Kanon kan vermenigvuldig, maar ons volstaan met vyf kardinale gronde waarom 'n oop kanon in stryd is met die wese van die Skrif:

i. Die Godgegewe analogie van die geslote Ou Testament

God het self die Ou Testament afgesluit in en deur Sy Seun Jesus Christus. Aangesien sy Woord tog 'n *eenheid* is as geheel van die Godsopenbaring, *móét* na analogie van die Godgegewe afsluiting van die Ou Testament, die Nuwe Testament tog ook 'n afgeslote geheel vorm.

ii. Die fondament-karakter van die apostoliese getuienis

Ons het onder die afdeling oor die fundering van die Skrif gesag, gelet op die unieke posisie van die apostolaat as die oog- en oorgetuies en die geroepe ambassadeurs van Jesus Christus wat deur Hom toegerus is met die Heilige Gees wat hulle alles sou leer en hulle sou herinner aan alles wat Hy vir hulle gesê het (Jh. 14:26), en wat hulle in die hele waarheid sou lei (Jh. 16:13).

Dit is hierdie apostoliese getuienis – die hele waarheid – wat sy neerslag gevind het in die boeke van die Nuwe Testament, en gevolglik kan daar nie maar steeds verdere dele van die waarheid bygevoeg word nie, en kon die Nuwe Testament nie onbepaald 'n ope kanon bly nie.

Dit omskryf die Nuwe Testament self deur die apostoliese getuienis saam met die O.T. die *fondament* te noem waarop Jesus sy Kerk wou bou. Ef. 2:20: Die kerk "gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is." Vergelyk ook Mt. 16:18.

Op die vaste fondament dus van die O.T. en apostoliese getuienis wat neerslag gevind het in die boeke van die N.T., het Jesus sy Kerk, as die tempel van God gebou. Aan die fondament kan tog nie onbepaald aangelas word nie – die moet klaar gelê wees as die gebou daarop verrys.

Soos Paulus in I Kor. 3:10-11 dit mooi stel: "volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou. Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus.

Hiermee is die wesenlike onmoontlikheid van 'n blywend ope Kanon aangetoon. Christus het bv. *nie* sy kerk gevestig, gebou op die fondament van die pouslike uitsprake van die 6e eeu tot vandag nie. Dit is latere mensgemaakte aanplaksels wat nooit deel kan wees van die fondament, die kanon, waarop Christus sy Kerk laat verrys het nie.

Wat nou van die apostoliese geskrifte wat verlore gegaan het? Natuurlik was hulle gesagvol, soos die mondelinge prediking van die apostels wat ook nie blywend was nie. God het dit nie bestem as deel van die *blywende* fondament van die kerk nie. Mens kan die verlore geskrifte van die apostels vergelyk met die bekisting waarin die blywende fondament gegiet word, die steierwerk wat in die beginstadium van die bouwerk die gebou help stut, maar later weggeneem word as die gebou verrys op die vaste fondament.

iii. Die genoegsaamheid van die Nuwe Testament (saam met die Ou Testament) as wegwyser tot die lewe

Die Heilige Gees is gegee, om die apostels te lei in die *hele* waarheid (Jh. 16:13). Daarom glo ons bevat die N.T. saam met die O.T. genoegsaam alles wat nodig is om God reg te dien en die saligheid te beërwe soos Paulus dit uitdruklik stel in Gl. 1 – vgl. aantekeninge oor Art. 7 NGB onder Hoofstuk 10, 2 hierbo.

Op grond hiervan moet prinsipieel en radikaal verwerp word enige toekenning van Goddelike gesag aan kerklike besluite of pouslike uitsprake.

iv. Die Godgegewe afsluiting van die Nuwe-Testamentiese Kanon met Op. 22:18-19

Die Openbaring van Johannes voer die Godsopenbaring tot by die eindoordeel en die vervulling van alle dinge, en bring ons daarmee materieel by die afsluiting van die openbaring van God se handele met hierdie wêreld.

Onder Gods beskikking en inspirasie sluit hierdie boek die kanon ook formeel met sy slotwoorde – Op. 22:18-19: niks mag bygevoeg of weggeneem word nie.

v. Die kanon-karakter van die Skrif self

Die leer van 'n oop kanon tas inderdaad die karakter self van die kanon aan. Met 'n onvolledige maatstok kan nie betroubaar gemeet word nie!

Daarom verhef die leer van die oop kanon die *mens* tot beslisser oor wat alles as kanon sal geld, en maak die mens so tot hoogste kanon en regter oor God se kanon. Met die leer van die geslote kanon bely ons egter: God het gespreek, en ons moet luister en gehoorsaam. Aan God alleen die heerskappy en die eer.

# 'N KORT LITERATUURLYS

(Vir uitgebreide literatuurlyste word verwys na A.B. du Toit in Handleiding by die Nuwe Testament, Band 1, 193-306).


Baarda, Tj. 1967. De Betrouwbaarheid van de Evangeliën. Cahiers voor de gemeente 2. Kampen.

Christelijke Encyclopedie, 1956. Red. F.W. Grosheide en G.P. van Itterzon, Deel I. Kampen.

– Apocriefen I. O.T., G.C.L. Aalders.

– Apocriefen II. N.T., W.C. van Unnik.

Grant, R.M. 1961. Gnosticism. An Anthology. London. 1966. Gnosticism and Early Christianity. New York.

Grosheide, F.W. 1935. Algemeene Canoniek van het Nieuwe Testament. Amsterdam.

Handleiding by die Nuwe Testament, 1977. Red. A.B. du Toit e.a. Band I, Pretoria. – Afdeling B. Kanoniek van die Nuwe Testament, A.B. du Toit.

Hartveld, G.P. 1967. Over Schrift en inspiratie. Cahiers voor de gemeente 3. Kampen.

Hennecke, E. 1963. New Testament Apocrypha. Ed. W. Schneemelcher. English Translation, ed. R. McL. Wilson, Vol. I. London.

- 1965. New Testament Apocrypha. Ed. W. Schneemelcher. English translation, ed. R. McL. Wilson. Vol II, London.

Klijn, A.F.J. 1968. De wordingsgeschiedenis van het Nieuwe Testament. Antwerpen (193-199).

- 1973. Na het Nieuwe Testament. De Christelijke literatuur uit de tweede eeuw . Baarn.

Kuitert, H.M. 1968. Verstaat gij wat gij leest? Over de uitleg van de bijbel. Cahiers voor de gemeente 4. Kampen.

Kümmel, W.G. 1965. Introduction to the New Testament. Translated by A.J. Mattill Jr., London (334-359).

Lake, K. 1965. The apostolic fathers. With an English translation. Vol. I and II. The Loeb Classical Library. Cambridge.

- 1953. Eusebius. The Ecclesiastical History. With an English translation. The Loeb Classical Library. Cambridge.

Müller, Jac. J. 1976. Nuwe-Testamentiese Apokriewe. In Afrikaans vertaal. Kaapstad.

The New Bible Ditionary, 1970. Ed. J.D. Douglas. London

– Apocrypha. J.N. Birdsall.

– Canon of the New Testament. J.N. Birdsall.

– Canon of the Old Testament. N.H. Ridderbos.

– New Testament Apocrypha. A.F. Walls.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikels 2-7.

Ridderbos, H. 1955. Heilsgeschiedenis en Heilige Schrift van het Nieuwe Testament. Het gezag van het Nieuwe Testament. Kampen.

- 1978. Studies in Scripture and its authority. Grand Rapids (20-36).

Schippers, R. 1969. Jezus Christus in het historisch onderzoek. 1. Van het verhaal naar de feiten. Cahiers voor de gemeente 5. Kampen.

Tenney, M.C. 1970. New Testament Survey. London (401-414).
Verhoef, P.A. 1978. Ou-Testamentiese Apokriewe. In Afrikaans vertaal. Kaapstad.